# 2. DIE CHRISTELIK-NASIONALE BEGINSEL IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS: 'N ALGEMENE OORSIG

## 2.1 PERSPEKTIWIESE AGTERGROND

### 2.1.1 Die Bybel en die Christelik-nasionale onderwysbeginsel

Die Christelik-nasionale onderwysbeginsel spreek alreeds uit die eerste opdrag aan die eerste mens op aarde in die paradys.[1] Heel aan die begin was God self die leermeester en die inhoud van sy onderwys was Christelik-nasionaal:

* Christelik (Godgerig), want die Here spreek self en eis gehoorsaamheid van die mens deur sy gebod en
* nasionaal, want God plaas die mens in beheer van 'n eie "paradys" met die duidelike opdrag: bewoon, versorg en benut.

Bewyse dat die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in die Bybel geopenbaar word, is die volgende:

° God het Kain aangespreek en hom volgens die Christelike beginsel in lewenswyse en naasteliefde onderrig.[2] Selfs nadat Kain sy broer Abel gedood het, beskerm die Here hom en gee aan hom 'n land om in te woon, 'n vrou en kind[3] - die kernelemente van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

° God het aan Noag opdrag gegee om 'n ark te bou. Noag was gehoorsaam aan hierdie Goddelike opdrag. Na die

---

1) Genesis 2:16-17.
2) Genesis 4:6-7.
3) Genesis 4:16-17.

Sondvloed (en hulle oorlewing) het die Here ŉ verbond tussen Hom, die menslike geslag en alle lewende wesens opgerig.[4] Die Here het Noag dus in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel geleer en ŉ verbond met die mens gesluit.

- God het ook Abram (later Abraham)[5] en Jacob[6] in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel afsonderlik onderrig. Deur die aanvaarding van en gehoorsaamheid aan die onderwysing word daar by Abraham en Jakob ŉ besondere geloof en geankerdheid aan die Woord van God en gebondenheid aan die land en hulle mense, wat deur God aan hulle gegee is, gevind.

- Die Here het Moses op ŉ besondere wyse gelei, hom deur sy eie gelowige moeder volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel laat opvoed. Die Here het Moses in die woestyn onderrig om sy volk uit Egipteland uit te lei en in die woestyn vir 40 jaar fisies en geestelik te laat oorleef.[7] Hier word duidelik Christelik-nasionale onderwys gevind, naamlik die opvoeding tot gehoorsaamheid aan Godsgebod en die liefde tot en gebondenheid aan die volkseie.

- Die onderwysing deur die Leviete en al die profete aan die volk (Israel) was streng volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel: "So spreek die Here ..."[8] Hiervolgens en hierdeur is Israel voortdurend geleer om die Here te dien en aan die volk gebonde te bly.

---

4) Genesis 9:9-10.
5) Genesis 15:13-21.
6) Genesis 35:9-12.
7) Exodus 6.
8) Jesaja 44:24.

- ʼN Arnold[9] sê tereg dat die doel van die opvoeding onder Israel religieus was, want die "lewe en werk van die mens het sy doel gevind in die diens aan God". Die Joodse volksgeskiedenis toon dat hulle lewensbeskouing en lewenswyse in wese Christelik-nasionaal was.

- Volgens die Nuwe Testament (Evangelies) was Christus die leermeester. In al sy onderwysings aan die massa, byvoorbeeld in sy bergpredikasies[10] en aan sy dissipels[11], word die kern van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel beklemtoon, naamlik liefde tot en gehoorsaamheid aan God en liefde tot en diens aan jou naaste (dus die daad van dienslewering).

In die Bybel word daar ook kennis gemaak met ʼn ander "leermeester", naamlik die duiwel wat die mens onderrig. Die onderwysing deur die duiwel is egter anti-Christelik en het tot die sondeval gelei.[12] Dié twee teenoorgestelde pole in die opvoeding, naamlik die *anastatiese* en die *apostatiese* beskouinge word deur die geskiedenis van die mensdom heen aangetref en geld nog steeds.

Daar bestaan ʼn "innige en noodwendige verband tussen die lewens- en wêreldbeskouing wat die mens huldig en die opvoeding wat hy vir homself en sy kind verlang".[13] Soos die mens deur die eeue heen geglo het, het hy sy kind opgevoed of laat opvoed. Die Christelike onderwyser het deur die eeue die vasstaande Bybelgeïnspireerde lewens- en wêreldbeskouing gehuldig en sy opvoedende onderwystaak

---

9) Arnold, N *Die CNO-beweging in SA 1907-1920*, p 1.
10) Matteus 5.
11) Matteus 11.
12) Genesis 3:1-7.
13) Arnold, *loc.cit.*

Sondvloed (en hulle oorlewing) het die Here 'n verbond tussen Hom, die menslike geslag en alle lewende wesens opgerig.[4] Die Here het Noag dus in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel geleer en 'n verbond met die mens gesluit.

- God het ook Abram (later Abraham)[5] en Jacob[6] in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel afsonderlik onderrig. Deur die aanvaarding van en gehoorsaamheid aan die onderwysing word daar by Abraham en Jakob 'n besondere geloof en geankerdheid aan die Woord van God en gebondenheid aan die land en hulle mense, wat deur God aan hulle gegee is, gevind.

- Die Here het Moses op 'n besondere wyse gelei, hom deur sy eie gelowige moeder volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel laat opvoed. Die Here het Moses in die woestyn onderrig om sy volk uit Egipteland uit te lei en in die woestyn vir 40 jaar fisies en geestelik te laat oorleef.[7] Hier word duidelik Christelik-nasionale onderwys gevind, naamlik die opvoeding tot gehoorsaamheid aan Godsgebod en die liefde tot en gebondenheid aan die volkseie.

- Die onderwysing deur die Leviete en al die profete aan die volk (Israel) was streng volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel: "So spreek die Here ..."[8] Hiervolgens en hierdeur is Israel voortdurend geleer om die Here te dien en aan die volk gebonde te bly.

---

4) Genesis 9:9-10.
5) Genesis 15:13-21.
6) Genesis 35:9-12.
7) Exodus 6.
8) Jesaja 44:24.

Gedurende die 16de en 17de eeue het die Kerkhervorming plaasgevind. Die kerkhervormer Calvyn het die Christelike beginsel weer duidelik geformuleer met die uitgangspunt dat die opvoeding in die Godsopenbaring veranker is, want God is die oorsprong, die middelpunt en die einddoel van alle dinge. Die opvoeding en onderwys is daarom dan ook úít God, déúr God en tót God.[20)]

Vir die Calvinis sluit die opvoeding en onderwys die hele mens in: dit moet die liggaam en gees, die kennis en verstand, die wil en smaak indring en die persoonlikheid in sy geheel vorm tot 'n mens (kind) van God, volkome toegerus en in staat tot elke goeie werk.[21)] Daarom kan en mag die onderwys vir die Christengelowige nooit neutraal wees nie. Die Bybel is immers die bron van alle kennis en lewe. Deur middel van die inhoud van die opvoeding (naamlik die Geskiedenis, Natuurwetenskap, Kuns en dergelike meer) moet die Christelike lewens- en wêreldbeskouing oorgedra en bevestig word. Die onderwys vanuit 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing het die Bybel as normatiewe gesag - 'n opvoeder mag nooit huiwer om sy onderwyspraktyk daarvolgens in te rig nie.

Die grondleerstukke van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing kan soos volg saamgevat word:[22)]

* God is absoluut selfgenoegsaam en soewerein
* God is vir sy bestaan en voortbestaan van niks en niemand afhanklik nie
* God is die Skepper en Regeerder van alles

---

20) Coetzee, J C *Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde*, pp 26-27.
21) Kruger, H B Die Christenonderwyser en sy toetrede tot die onderwysberoep, *Fokus* nr 3, Augustus 1979, p 1110.
22) Arnold, *op.cit.*, p 5.

* Die mens kan niks tot God se eer bydra nie
* Die mens is volkome onderworpe aan Hom
* Alleen God beskik daarom oor absolute gesag
* Die mens ontvang verleende gesag van God
* God het die mens na sy beeld geskape
* Die mens het uit eie vrye wil en swakheid in sonde geval
* God het tog met die gevalle mens 'n verbond opgerig
* Deur Jesus Christus word die mens kind van God
* God is ook onderhouer van alles en sonder sy voorsienigheid gebeur niks nie
* God kies, uit eie vrye wil, tot saligheid in Christus wie Hy wil
* God het Homself aan die mens deur sy Woord geopenbaar.

Gedurende die 17de eeu het daar in die Nederlandse opvoedende onderwys 'n diep gewortelde Calvinistiese geloofsoortuiging tot uiting gekom, wat hoofsaaklik deur die Reformatoriese Kerk op die jeug oorgeplant is. Tydens die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande in Dordrecht (1618 en 1619), is die Formuliere van Eenheid vasgestel, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse leerreëls, wat ook die opvoeding en onderwys van die dooplidmaat (kind) tot en met die aflegging van die geloofsbelydenis bepaal.[23)]
Die kerk het reeds in daardie tyd die staat as die hoogste gesag oor die onderwys erken, maar self die reg voorbehou (wat dan ook deur die staat erken is) om te let op die godsdienstige strekking in die opvoedende onderwys en om "regsinnige" onderwysers aan te stel.[24)]

---

23) Gereformeerde Kerk. *Kerkorde van die Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika*, p 95.
24) Ploeger, J *'n Inleiding tot die studie van die Christelik-nasionale onderwys in SA met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaansche Republiek*, p 3.

In 1648 het Nederland en Spanje die Tagtigjarige Oorlog beëindig, wat in hoofsaak ter waarde van geloofsvryheid (Calvinisme versus Roomse) en staatkundige vryheid gevoer is.[25] Die stryd wat prins Willem van Oranje begin het, het die weg gebaan vir uiteindelike vryheid van die Nederlandse volk - godsdiensvryheid en staatkundige soewereiniteit. Hierdie kosbare geestelik-kulturele erfenis het hy nie net aan Nederland nagelaat nie, maar aan die Westerse kultuur en deur Jan van Riebeeck aan die Afrikaner, wat vandag nog die Protestant-Calvinistiese grondslae nastrewe.[26]

Enkele heldestryders vir Christelike onderwys in Nederland was Groen van Prinsterer, Elout, Lohman, Woltjer, Bavinck en veral A Kuyper.[27] Na die afskeiding van die Gereformeerde Kerk van die gedeformeerde Hervormde Kerk in 1834, en namate die stryders die felle vervolging oorleef en die kerk in sy ware wese gevestig geraak het, het die stryd om die herstel van die Christelike skool begin. Koning Wilhelm II se simpatieke houding teenoor versoeke vir die stigting van Christelike skole het die stryders moed gegee om te volhard. Verskeie persone, kerkrade en meerdere vergaderings het Christelike opvoedende onderwys vuriglik bepleit en beklemtoon. Verskeie Christelike skole is in die jare na 1850 gestig, byvoorbeeld die Christelike skool te Zwolle in 1851.[28]

---

25) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 3.
26) Nel, P G Historiese bande met Huis van Oranje. *Handhaaf*, Maart 1981, p 16.
27) Venter, H *Totius Versamelde Werke 8*, pp 21, 53.
28) Van der Vyver, G C *Professor Dirk Postma 1818-1890*, pp 77-82.

### 2.1.3 Die ontwikkeling van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in die Kaapkolonie gedurende die 19e eeu

#### 2.1.3.1 Die vestiging van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel aan die Kaap tot 1800

Die inhoud, aard en wese van die onderwysprogram aan die Kaap het met dié van die "moederland", naamlik die Nederlandse Republiek, ooreengekom.[29] Met die volksplanting aan die Kaap is die Nederlandse kultuur, wat in die 17de eeu 'n hoogtepunt bereik het, oorgebring. Jan van Riebeeck en sy mede-Hollanders wat hulle aan die Kaap gevestig het, was kragtige daders met 'n sterk geloof en 'n drang na vryheid. Sodoende het die Christelik-nasionale onderwysbeginsel ook die kulturele basis van die volksplanters aan die Kaap geword. Hierdie onderwysbeginsel kan soos volg saamgevat word, naamlik:[30]

* Die opvoeding en onderwys van die kind is volgens die Woord van God, die belydenisskrifte en die doopbelofte die primêre taak en verantwoordelikheid van die Christenouer. Die ouer kan van 'n onderwyser gebruik maak om die opvoeding en onderwys van sy kind te behartig en behoort daarom seggenskap te hê oor die keuse van die onderwyser en die inhoud van die onderwys.

* Die ouer is egter ook lidmaat van die kerk en daarom mag en moet die opvoeding en onderwys ook onder toesig van die kerk (kerkraad) geskied. Die skool het dus gedurende die 17de en 18de eeue "in diens van die kerk" gestaan om die kind (die dooplidmaat) in die Calvinis-

---

29) Ploeger, *op.cit.*, pp 4-5.
30) Snyman, J J *'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907*, pp 18-25.

tiese leer te help opvoed en onderrig.

* Die kind is egter ook toekomstige landsburger en moet daarom nasionaal opgevoed word met liefde en respek vir eie bodem, taal, kultuur, vaderlandse geskiedenis en staatkundige vryheid.

* Kerk en staat moet saamwerk in die opvoedende onderwys, omdat die kerk die gesag van en finansiering deur die staat aanvaar het en die staat weer die kerk se reg erken in die mede-bepaling van die gees en rigting van die onderwysprogram en die aanstelling van Christen-gelowige onderwysers.

* Die begrip *Christelik* gedurende daardie tyd word dus vertolk as "... in ooreenstemming met die dogma van die Hervormde Kerk van die Nederlandse Republiek".[31)]

Vanaf volksplanting tot ongeveer 1795 was die onderwys aan die Kaap hoofsaaklik beperk tot die godsdienstige opleiding van die jeug, met besondere aandag aan die Heidelbergse Kategismus met die oog op die aflegging van die geloofsbelydenis. Shingler[32)] huldig egter die mening dat Christelik-nasionale onderwys eers veel later sy werklike ontstaan in Suid-Afrika gehad het, naamlik tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. Voor genoemde oorlog is daar slegs van Christelike of kerkskole gepraat, hoewel die beginsel uiteindelik dieselfde was.

Die eerste Skoolordonnansie (1714) in die Kaap, naamlik dié van Goewerneur M P de Chavonnes, was suiwer volgens

---

31) Ploeger, *op.cit.*, p 6.
32) Shingler, J D *Educational and political order in South Africa 1902-1961*, p 88.

die Christelik-nasionale onderwysbeginsel opgestel.[33] Dit het onder andere bepaal dat:

- alle onderwysers voortaan in lewe en leer deur die Goewerneur en die Politieke Raad getoets moet word;
- onderwysers die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke, soos in Dordrecht opgestel, moet onderskryf;
- Godsdiensonderrig die belangrikste vak in die onderwysprogram moet wees en dat
- slegs Nederlandse handboeke gebruik mag word.

Die Franse Revolusie en Napoleon Bonaparte se beklemtoning van nasionale onderwys het sy invloed via Nederland ook op die onderwys in die Kaap gehad.[34] Advokaat J A de Mist was sterk onder die invloed van die gees van die Franse Revolusie en het tydens die kort periode van die Bataafse beheer oor die Kaap klem op die nasionale aspek van die onderwys gelê. Gedurende daardie tyd was die twee begrippe *Christelik* en *nasionaal* afsonderlik en in die praktyk soms selfs kompeterend toegepas. De Mist het gedurende sy bewind die oorheersende seggenskap van die Hervormde Kerk in die opvoedende onderwys verminder en gelyk aan dié van die Lutherse Kerk gestel en die onderwys minder dogmaties gemaak. Só kon De Mist sy nasionale doelstelling in die onderwys invoer en het die inhoudelike van die onderwysprogram, met die Bybel en belydenisskrifte as die hoofinhoud, verskuif na die sekulêre vakke. Deur middel van moedertaalonderwys moes die nasionale trots by die kinders beklemtoon word.[35] Verder het De Mist die beheer en verantwoordelikheid van die onderwys, byvoorbeeld die be-

---

33) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 7-8.
34) Ploeger, *op.cit.*, pp 15-27.
35) Cilliers, D H *Die geskiedenis van Christelik-nasionale onderwys in Kaapland tot 1900*, p 29.

noeming van onderwysers en die toesig van die ouer en die kerk, na die staat oorgeplaas. Hy het gepoog om die sogenaamde "volkskole" daar te stel sodat alle kinders dieselfde onderwysgeleenthede en -inhoud kon ontvang. Die gereformeerde Nederlanders en Franse aan die Kaap was egter nie tevrede met hierdie verandering van gereformeerde staatskole na liberale staatskole nie. Hulle was nie teen die nasionale karakter gekant nie, maar wel teen die liberale en nasionale geestesrigting wat ten koste van die leerstellige Christelike beginsel beklemtoon is. "Die koloniste het Christelik-nasionale onderwys as 'n twee-eenheidsbegrip beskou - éérs Christelik en dan nasionaal."[36] Deur die jare, namate meer Franse en Duitsers by die Nederlandse koloniste aan die Kaap aangesluit het, het 'n atmosfeer van liefde vir die nuwe eie bodem ontstaan, wat uiteindelik die verskillende volksgroepe met 'n eenheidskrag saamgesnoer het, en het die Afrikaanse volkskultuur ontstaan.[37]

### 2.1.3.2 Die invloed van die Engelse oorname op die opvoedende onderwys

Toe die Engelse die Kaap vir die tweede keer in 1806 oorgeneem het, was die Afrikaner reeds as volk met 'n eie taal, kultuur, godsdiens en tradisie gevestig;[38] met ander woorde hulle het reeds 'n eie nasionaliteitsgevoel gehad. In teenstelling met die eerste besetting van die Kaap (1795-1803) toe daar nie veel aan die Nederlandse onderwysstelsel verander is nie, het die Britte vanaf 1806, (dit wil sê na die tweede besetting) doelbewus daarna gestreef om die Kaap 'n Engelse kolonie te maak deur die toë reeds

---

36) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, pp 18-19.
37) Snyman, *op.cit.*, p 25.
38) Barnard, S S *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 536.

"Afrikaners" deur middel van die onderwys te denasionaliseer en te verengels.[39]

Tydens die 1806-1814-tydperk, wat ook die "Caledon-Cradock"-tydperk genoem word, het die verengelsing vreedsaam plaasgevind. Sir John Cradock het 'n versoeningsbeleid ten opsigte van die Christelike beklemtoning in die onderwys gevolg en het onder andere Kloosterskole[40] gestig. In hierdie Kloosterskole is baie aandag aan die onderrig van Engels gegee. Die koloniste het egter voorkeur aan hulle eie privaatskole gegee waar Boereskoolmeesters volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel opvoedende onderwys aan hulle kinders kon verskaf.[41]

In die jaar 1814 het die Kaap 'n permanente kolonie van Brittanje geword. Met die koms van Lord Charles Somerset het die proses van verengelsing en denasionalisering stelselmatig toegeneem. Engelse en Skotse predikante en onderwysers is ingevoer en in 1820 het sowat 6 000 Britse immigrante in die Kaap aangekom om sodoende die verengelsing te bevorder. In 1822 is by wyse van proklamasie Hollands deur Engels as enigste amptelike taal vervang. Met hierdie doelbewuste pogings om die koloniste se kinders as Engelse op te voed, is die nasionale grondslag aangetas en afgebreek.[42]

2.1.3.3 Die totstandkoming van Christelik-nasionale skole in die Kaapkolonie

Die koloniste was nie teen die aanleer van Engels as taal gekant nie, maar teen die verdringing van hul eie kultuur-

---

39) Cilliers, *op.cit.*, p 236.
40) Dit is die skole wat op kerkplekke opgerig is, met die koster as onderwyser.
41) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 23.
42) Ploeger, *op.cit.*, pp 32-34.

taal, naamlik Hollands. Hulle het in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, moedertaalonderrig vir hulle kinders verlang. Hierdie benadering van dwang tot verengelsing deur Brittanje het gelei tot die verdieping van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, sodat gedurende die jare 1820-1839 Engelse skole - veral op die platteland - as gevolg van te min kinders moes sluit en die aantal Hollandstalige privaatskole vinnig toegeneem het.

Een van die eerste groter privaatskole in Kaapstad, die "Tot Nut", het (ten spyte van vele probleme soos die tekort aan opgeleide Christenonderwysers) opvoeding en onderwys volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel verskaf. In 1834 is 'n nuwe skoolgebou met 360 leerlinge en 11 onderwysers in gebruik geneem. Hierdie Hollandse privaatskool het ook vir 'n aantal jare as voorbereidende skool vir gevorderde onderwys gedien.[43]

Hoewel daar teen 1838 reeds 23 Engelse skole in die Kaap was, was die onderwys in die grensdistrikte nie na wense nie. Groot afstande na die bestaande skole en die proses van verengelsing het verhinder dat die meeste van die kinders van die grensboere doeltreffende onderwys kon ontvang. Die kinders in die grensdistrikte was vir hulle onderwys afhanklik van óf rondgaande huisonderwysers óf die gebrekkige onderrig wat deur die ouers self verskaf is. Die onderwyspogings was ook beperk tot die Bybel en Kategismus sodat die kinders geloofsbelydenis kon aflê.[44]

In 1858 is die Paarl Gimnasium as kerkskool onder leiding van ds G W A van der Lingen van die Paarlgemeente, geopen.

---

43) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, pp 26-27.

44) Barnard, S S *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 537.

Van der Lingen, een van die eerste kampvegters vir Christelik-nasionale skole, wou en het geen staatsteun vir hierdie skool ontvang nie en het dit onder die sorg en toesig van die kerkraad gehou.[45] Die Paarl Gimnasium het die primêre, middelbare en hoër onderwysafdelings aangebied en Christelike onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel verskaf. Leerlinge is wetenskaplik vir die staatseksamens opgelei en van hulle is vir toelating tot die kweekskool voorberei. Gedurende daardie jare, toe alles voor die oorheersing van die Engelse moes swig, was die Paarl Gimnasium 'n kragtige steunpunt vir die behoud van die Hollandse taal en kultuur.[46]

Die Stellenboschse Gimnasium is in Januarie 1864 gestig. Dertig inwoners het die som van R900 per jaar vir vyf jaar gewaarborg en vyf direkteure is benoem om die skoolsake te beheer. By die stigtingsvergadering is verskeie regulasies vir die skool opgestel, waarvan die vernaamste twee die volgende bepaal het, naamlik:[47]

* "Het doel van het Gymnasium is een grondig onderwys van de vakken welke tot een beschaafde opvoeding reken worden." Dit sluit die voorbereiding vir die admissie-eksamen en regeringseksamen in Lettere en Natuurwetenskappe in en
* "Al het onderwys word medegedeelt op positief Christelijke beginselen."

---

45) Bingle, P W *Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in SA 1850-1959*, p 85.
46) Cilliers, *op.cit.*, p 86.
47) Nell, W L *Onderwys op Stellenbosch 1806-1866*, pp 312-313.

Die Stellenboschse Gimnasium is in Maart 1866 met 88 seuns en 3 personeellede geopen. Tans staan dieselfde skool bekend as die Paul Roos Gimnasium.

In 1869, dieselfde jaar as wat die Gereformeerde Teologiese Skool in Burgersdorp begin het, het die Gereformeerde Kerkraad deur beïnvloeding en bemiddeling van ds D Postma aan meester J de Ridder verlof gegee om sy "Vrye Christelike School", die eerste in Burgersdorp, in die konsistorie te begin.[48] Dié Vrye Christelike Skool het waarskynlik as gevolg van finansiële probleme slegs enkele jare bestaan, want tydens die Sinode van die Gereformeerde Kerk van 1885, is die oprigting van 'n Voorbereidende Skool oorweeg. In 1886 is 'n Vrye Christelike Skool (dus die tweede een) gestig. Dit het met 26 leerlinge en P S Snyman (wat later predikant geword het) as onderwyser, onder toesig van die kerkraad begin. In dieselfde jaar (1886) is 'n gebou gekoop wat die Vrye Christelike Skool en die Teologiese Skool gehuisves het. Die Vrye Christelike Skool het ook as Voorbereidende Skool vir die Teologiese Skool gedien.[49]

In 1875 is 'n kerkskool van die Gereformeerde Kerk op Steynsburg geopen en al het dit vir enkele jare daarna weens gebrek aan die nodige fondse tydelik gesluit, het hierdie skool, wat later die Gimnasium genoem is geskiedenis gemaak deur een van die skole te wees wat die langste in Kaapland as Vrye Christelike Skool bly voortbestaan het.[50]

In tabel 2.1 word die aantal Blankekinders van skoolgaande ouderdom in die Kaapkolonie aangedui soos hulle tussen die verskillende onderwysinrigtings verdeel was.

---

48) Van der Vyver, G C P *Professor Dirk Postman 1818-1890*, p 422.
49) Bingle, P W *Op.cit.*, pp 95-97.
50) Cilliers, *op.cit.*, pp 154-158.

TABEL 2.1 VERDELING VAN BLANKEKINDERS VAN SKOOLGAANDE OUDERDOM IN DIE KAAPKOLONIE IN 1891[51)]

| TIPE ONDERWYS | AANTAL KINDERS |
|---|---|
| Kinders in staatskole | 22 090 |
| Kinders in privaatskole | 17 697 |
| Kinders met tuisonderrig | 20 223 |
| Kinders nie op skool nie | 39 270 |
| TOTAAL: | 99 280 |

Dit blyk uit tabel 2.1 dat ongeveer 80 persent van die kinders van skoolgaande leeftyd nie die staatskole bygewoon het nie.

## 2.2 VESTIGING EN BESTENDIGING VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBEGINSEL IN TRANSVAAL GEDURENDE DIE JARE 1838-1899

### 2.2.1 Die Christelik-nasionale onderwysbeginsel as een van die primêre redes vir die Groot Trek

Baie koloniste het hulle om verskeie redes gedurende die 18de eeu in die Kaapse binneland gevestig. Gedurende daardie jare het die grensboere 'n lang handhawingstryd deurgemaak waardeur 'n eie volksgemeenskap ontstaan het - 'n volksgemeenskap wat met die Bybel en die Protestant-Christelike lewensbeskouing 'n selfstandige kultuur ontwikkel het. Hierdie volksgemeenskap het deur arbeid, stryd en bloed in die bodem (Kaapse Oosgrens) wortel geskiet waardeur ook fisiese en geestelike kragte ontwikkel het. So het geloof, daad-

51) *Ibid.*, p 235.

krag en nasiediens die simbool van hul opvoedingsideaal geword.[52] Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing was hierdie "Afrikaners" se kosbaarste besitting - selfs kosbaarder as die bodem (soos vir die Franse Hugenote) en daarom was hulle bereid om, toe hulle opvoedingsideaal deur die vreemde bedreig word, verder noordwaarts te trek.

Die Groot Trek was 'n geloofsdaad, want die mense wat besluit het om vanaf die Oosgrens die woeste binneland in te trek, moes alles wat hulle besit het verkoop omdat hulle slegs die noodsaaklikste lewensmiddele op die waens kon laai. Daar was geen sekuriteit vir die toekoms nie! - net 'n ideaal, 'n geloof dat dit wat hulle gedoen het noodsaaklik was vir die behoud van eie identiteit, vryheid van burgerskap, godsdiens en onderwys. As in ag geneem word dat ongeveer 2 000 van die 10 000 siele wat getrek het kinders was, dan bewys dit dat hierdie mense se Christelik-nasionale onderwysbeginsel een van die hoofredes vir die Groot Trek was.[53] Hulle het nie gedink aan hulle besittings wat hulle verloor het nie, maar slegs aan dit wat hulle kon behou en dus kon wen! Hulle het dan ook 'n vreedsame wegtrek bo wapenbotsing met die vreemde oorheersing verkies. Behalwe dat die Groot Trek getipeer kan word as slegs 'n geloofsdaad, was dit ook 'n openbaring van egte en ware leierskap onder die grensboere, omdat ongeveer 10 000 mense deur enkele Trekleiers oortuig is om die trek mee te maak.[54] Die opvoedende onderwyspogings wat gedurende die Groot Trek plaasgevind het, was suiwer volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, want die Voortrekkers het juis van die vreemde gedagtestrominge onder die Engelse bewind weggetrek. Hulle het gepoog om hul Christelike leefwyse en beskouing daad-

---

52) Snyman, *op.cit.*, p 356.
53) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 31.
54) Kapp, H Die menslike betekenis van die Groot Trek. *Handhaaf*, September 1980, p 7.

werklik (waar en wanneer dit moontlik was) aan hulle kinders ook deur die opvoeding en onderwys oor te dra. Só is die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, gegrond op die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, gedurende die jare 1838-1840 deur die Voortrekkers uit die Kaap na Transvaal gebring.

### 2.2.2 Christelik-nasionale onderwyspogings tydens die vestigingsjare van die Voortrekkers in Transvaal

Die verskillende Trekgeselskappe het in Transvaal versprei en hulle hoofsaaklik in die distrikte Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria, Lydenburg en Soutpansberg gevestig. Onderwys is deur rondgaande Boereonderwysers en die ouers (meesal die moeders) behartig. Die kinders het leer lees, skryf en reken. Verder is onderrig in die Bybel en Belydenisskrifte verskaf sodat die kinders belydenis van geloof kon aflê. Meester Tielman Roos wat die Potgietertrek vergesel het, het tydens die vestigingsjare van dié trekgeselskap in Potchefstroom onder uiters ongunstige omstandighede as rondgaande huisonderwyser opvoedende onderwys in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel aan die kinders verskaf. Daar was geen klaskamers en skoolbanke nie. Leer- en leesboeke was skaars en moeilik bekombaar.[55] Verskeie ander Boereskoolmeesters soos McDonald, Nel, Helberg, Oppel, Van der Merwe, Pfeffer, Smit, Maré en andere, het opvoedende onderwys aan kinders by die ander Trekgeselskappe soos dié van Trichardt, Maritz en Retief verskaf. Barnard[56] som die onderwyspogings tydens die vestigingsjare soos volg op: "Die kinders is deur hulle ouers opgevoed in gehoorsaamheid en eerbied vir gesag; in liefde

---

55) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 31-33.
56) *Ibid.*, p 45.

vir hulle volk en nuwe Vaderland, maar bowe-al - in die vrees van die Here." Die opvoeding en onderwys was dus in ooreenstemming met die pionier-Afrikaner se Christelik-nasionale opvoedingsideaal. Gedurende die vestigingsjare (1838-1852) het die gemeenskappe hulself regeer en hulle het een eie taal, dieselfde tradisies en onderwysbeginsel gehad. Sō het 'n eenheidstrewe ontstaan wat gegroei het tot die vorming van 'n volk en die stigting van 'n nuwe staat - 'n Hollands-Afrikaanse Boerestaat.[57)]

2.2.3 Christelik-nasionale onderwys tydens die jare van "De Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) 1852-1899

2.2.3.1 Inleidend

In 1852 het Engeland die onafhanklikheid van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier erken. Potchefstroom het die hoofstad van "De Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) geword met M W Pretorius as die eerste Staatspresident. In 1858 is die eerste Grondwet in gebruik geneem.

Groot verdeeldheid het egter op kerklike en politieke terrein geheers. In 1859 is die Gereformeerde Kerk afgestig en in 1866 het die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Nederduits Hervormde Kerk afgestig. Ten spyte van die Republikeinse leuse "Eendracht maakt macht" het 'n Burgeroorlog in die vroeë sestigerjare uitgebreek waarby onder andere baie onderwysers betrokke geraak het. Hierdie gebeure het die ontwikkeling van die onderwys ernstig benadeel. Na die Burgeroorlog (1863) het die algemene landsomstandighede weer na normaal teruggekeer. Nadat President Pretorius in 1871 bedank het, is hy deur ds T F Burgers opgevolg. Nog 'n belangrike invloed op die onderwys van daardie tyd was die ontdekking van diamante gedurende die jare 1866-1870[58)]

---

57) *Ibid.*, pp 33-36.
58) Diamante is langs die Vaal- en Oranjerivier asook by Lichtenburg, Christiana, Bloemhof, Wolmaransstad en Klerksdorp ontdek.

en goud in 1873[59]; wat buitelanders na Transvaal (ZAR) laat stroom het. Vir die gevestigde Boerebevolking met hulle tradisionele Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing was hierdie vreemdelinge se liberalistiese lewensbeskouing en materialisme vreemd en onaanvaarbaar.[60] Hierdie "uitlanders" het ook hulle eise aan die onderwys gestel en sodoende die Christelik-nasionale onderwyspraktyk nadelig beïnvloed.

In April 1877 is die ZAR deur die Britte geannekseer, maar in Augustus 1881 het Transvaal, na 'n suksesvolle Eerste Vryheidsoorlog, weer Verantwoordelike Selfbestuur verkry. In Februarie 1884 het "De Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) weer volkome onafhanklik geword met S J P Kruger as Staatspresident. Gedurende die jare wat die ZAR sy vryheid verloor het, is die vestiging en ontwikkeling van Christelik-nasionale skole beperk en het mooi onderwysplanne misluk.[61]

2.2.3.2 Die aanvang van staatsonderwys gedurende die jare van die ZAR

Gedurende die tyd van "De Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) is verskeie onderwysreglemente opgestel en is onderwys in staatskole verskaf. Staatskole het in dié tyd beteken dat die staat die skole opgerig, grootliks gefinansier en toesig daaroor gehou het, maar dat die ouer en die kerk die gees waarin die opvoedende onderwys plaasgevind het bepaal en

---

59) Goud is eers in Lydenburg ontdek, daarna te Barberton en in 1884 aan die Witwatersrand.

60) Barnard, S S *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 538.

61) Ploeger, *op.cit.*, p 79.

die onderwysers gekies het. Die staatskole het dus gedurende däärdie tyd grootliks aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen.

Die eerste permanente onderwyser te Potchefstroom was die Hollander Hendrik van der Linden wat in 1852 deur die Volksraad aangestel is. Hy het die eerste Onderwysreglement, wat as die eerste onderwyswetgewing in Transvaal (ZAR) beskou kan word, opgestel. Hierdie eerste Onderwysreglement het 'n Christelik-nasionale skoolstelsel voorgeskryf en kan as die grondslag van die Transvaalse onderwyswese beskou word. Die Van der Lindenreglement het in hoofsaak bepaal dat:[62]

- die "Gemeenteraad" verantwoordelikheid vir die stigting en instandhouding van die skool sal dra;
- die kerkraad die skoolgebou, skoolmeublement en onderwyserswoning moet verskaf;
- die kerkraad die onderwyser se salaris moet betaal en die skoolgeld van die ouers invorder;
- die kerkraad toesig oor die skool moet hou en
- dat die skoolvakke, naamlik Lees, Skryf, Reken- en ander vakke met 'n godsdienstige strekking aangebied moet word.

Gedurende die aanvangsjare van die ZAR was die Nederduits Hervormde Kerk die staatskerk van die ZAR. Al die staatskole was Nederduits Hervormde kerkskole en die onderwysers (soos Van der Linden self) lidmate van dieselfde kerk. Ge-

---

62) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 36.

durende dieselfde tyd het ds D. van der Hoff as predikant na Transvaal gekom en hom in Potchefstroom gevestig.[63] Hy het sekere wysigings in die bestaande Onderwysreglement laat aanbring, wat onder andere nog groter verantwoordelikheid ten opsigte van die onderwysersalarisse en groter beheer oor die onderwys aan die kerkraad gegee het, (byvoorbeeld dat onderwysers hulle bevoegdheid moet bewys en die regering op elke dorp net een onderwyser aanstel).[64]

In 1858 is die eerste Grondwet van die ZAR geproklameer. Artikel 24 van die Grondwet bepaal dat die onderwys die taak en verantwoordelikheid van die owerheid is. 'n Verdere uitvloeisel van die Grondwet (artikel 24) is die benoeming van skoolkomitees[65] deur die regering wat 'n nuwe era in die ontwikkeling van die Staatsonderwys laat aanbreek het. Die eerste skoolkomitee (kyk 3,4 op p 88) wat in 1859 in Potchefstroom aangestel is, het onder meer bestaan uit Staatspresident M W Pretorius, ds D Van der Hoff en dr B B Poortman. Die taak van die skoolkomitee was om skole te besoek, na die vordering van die leerlinge om te sien, toesig oor die afneem van die jaarlikse eksamens te hou en aan die Uitvoerende Raad verslag te doen.[66]

---

63) Meer besonderhede oor Van der Linden en Van der Hoff verskyn in *hoofstuk 3* pp 87-89.
64) Wessels, S J *Hendrik van der Linden. Sy rol in die Transvaalse geskiedenis* (1851-1880), p 30.
65) Hoewel dit die gebruik was om tot 1918 van 'n skoolkommissie te praat, gebruik die skrywer deurgaans die begrip *skoolkomitee*. 'n Komitee is meer permanent van aard, terwyl 'n kommissie meesal tydelik van aard is en ontbind sodra 'n taak/opdrag afgehandel is. Die begrip Onderwyskommissie word, om voorafgenoemde rede, behou.
66) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. *In* Van der Walt, A J H, Badenhorst, W J, Coetzee, J C en Jenkins, E A *Potchefstroom 1838-1938*, pp 136-137.

In 1859 is 'n derde Onderwysreglement deur die Onderwyskommissie van Potchefstroom saamgestel, wat dan ook die derde Onderwyswet vir die ZAR geword het. As uitvloeisel van die derde Onderwyswet is 'n Algemene Kommissie van Onderwys benoem wat tot in 1867 funksioneel voortbestaan het. Verder het die derde Onderwyswet die magte en pligte van die kerk ten opsigte van die onderwys ingekort. Voortaan sou die regering onderwysersalarisse betaal, die skoolgeld vasstel, skoolgeboue en -materiaal verskaf en algemene beheer oor die onderwysprogram uitoefen.[67] In 1866 is die klousule insake die vereistes van lidmaatskap van onderwysers van die Nederduits Hervormde Kerk verander na lidmaatskap van 'n Protestantse Kerk.[68]

2.2.3.3 Die stryd om die behoud van Christelik-nasionale onderwys

Die onderwysreglement van 1859 het slegs gedeeltelik aan die beginsel van Christelik-nasionale onderwys voldoen. Hoewel die rapport van die skoolkomitee van 1860 gelui het "dat de onderwijzer zich vooral ook het Christelÿk-zedelÿk gevoel in de harten der jeugd te ontwikkelen",[69] was hierdie tevredenheid nie algemeen verteenwoordigend nie. Baie ouers (gereformeerdes) het besware gehad omdat die magte en regte van die kerk in die beheer van die onderwys ingekort is en omdat lidmaatskap van slegs een kerkverband verpligtend was. Beswaarde lidmate van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, soos byvoorbeeld ouderling P J W Schutte het hul kinders na Gereformeerde kerskole in Rustenburg gestuur.[70]

67) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 36-37.
68) Bingle, P W *Op.cit.*, p 33.
69) Soos aangehaal deur Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. *In* Van der Walt *et.al.*, *op.cit.*, p 139.
70) Bingle, P W *Op.cit.*, p 51.

Gedurende daardie jare het ds Dirk Postma[71] (van na sy aankoms in Transvaal uit Nederland) hom uitsonderlik vir Christelik-nasionale onderwys beywer. In 1864 is, onder ds Dirk Postma se invloed, die eerste kerkskool in Transvaal te Waterkloof (naby Koster in die Rustenburgse distrik) gestig. In hierdie skool is Christelik-nasionale onderwys gegee en ds Dirk Postma het self as opsiener by dié kerkskool opgetree. Ds Dirk Postma het in dieselfde jaar (1864) die stigting van 'n tweede kerkskool in Rustenburg geïnisieer wat in 1865 geopen het. Ds Postma het by beide skole bepaal dat die onderwysers die drie formuliere, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse leerreëls moes onderteken en dat dit ook aan die kinders geleer moes word.[72]

Omdat die Onderwysreglement van 1859 nie algemene tevredenheid verskaf het nie, is dit deur die Onderwyswet van 1866 vervang, wat in hoofsaak bepaal het dat:[73]

- die Algemene Kommissie groter verantwoordelikheid ten opsigte van skoolgeboue, skoolbenodigdhede en inspeksies kry;
- die plaaslike skoolkomitees deur die Algemene Kommissie benoem word;
- onderwysers onderwyskwalifikasies moet besit en lidmaat van 'n Protestantse Kerk moet wees;
- die vakke Lees, Skryf, Tekene, Sang, Bybelse en Vaderlandse Geskiedenis, Aardrykskunde en Taalkunde waardeur die verstandelike ontwikkeling en sedelike vorming van

---

71) Ds Dirk Postma, later prof Dirk Postma, was een van die stigterslede van die Gereformeerde Kerk in 1859.
72) Van der Vyver, G C *Professor Dirk Postma 1818-1890*, p 421.
73) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 47-48.

die leerlinge bevorder word, aangebied en

° ŉ Eksamenkommissie benoem word.

Die Onderwyswet van 1866 was vir die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys vreemd en onaanvaarbaar aangesien die ouer van alle beheer in die onderwys ontneem is. Hierdie ontevredenheid het die stigting van meer kerkskole oor die hele ZAR tot gevolg gehad. ŉ Verslag wat in 1884 deur ŉ subkommissie van onderwys van die Gereformeerde Kerk uitgebring is, het getoon dat daar teen daardie tyd reeds 22 kerkskole in die ZAR bestaan het.[74] Dié kerkskole het onder die beheer en toesig van die kerk en ouers gestaan en opvoedende onderwys is in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel aan die kinders gebied.

2.2.3.4 Die liberale tendense in die onderwys gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu

Na die reeks ontdekkings van diamante vanaf 1866 het baie fortuinsoekers van buite die ZAR na die diamantvelde gestroom. President M W Pretorius het die diamantvraagstuk nie tot bevrediging van die volk hanteer nie en het gevolglik in 1871 as Staatspresident bedank.

Ds T F Burgers is in 1872 tot nuwe Staatspresident van die ZAR verkies. President Burgers was ŉ verligte geleerde wat as predikant juis as gevolg van sy liberale gedagtes deur die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie uit die amp onthef was. Hy het nie meer die Bybel, soos die konserwatiewe Afrikaners, as die enigste bron van alle kennis gesien nie en een van sy ideale was om ŉ verenigde Suid-Afrika tot stand te bring. In 1874 het President

---

74) Bingle, P W *Op.cit.*, p 73.

Burgers sy Onderwyswet aan die Volksraad voorgelê. Dit is goedgekeur en in 1876 toegepas.

Die Burgerswet (Wet 4 van 1874) bepaal in hoofsaak dat:[75]

- die beheer van die onderwys in die hande van die Superintendent-Generaal van Opvoeding geplaas word;
- die vakke waarin onderrig is, uitgebrei word (onder andere het Engels 'n verpligte vak geword);
- die staat en die ouers gedifferensieerd finansieel bydra;
- die plaaslike skoolkomitee onderwysers vir aanstellings kan aanbeveel;
- Bybelgeskiedenis onderrig word, maar dat geen dogmatiese Godsdiensonderrig plaasvind nie en
- die ouers in bepaalde streke die keuse kon uitoefen tussen Hollands of Engels as medium van onderrig.

Vir die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys was die Onderwyswet van Burgers te liberaal en dit het nog groter ontevredenheid as die Onderwyswet van 1866 veroorsaak. In tabel 2.2 word die persentasie van die skoolgaande leerlinge in Suid-Afrika wat staatskole in 1877 besoek het, aangetoon.

TABEL 2.2 PERSENTASIE LEERLINGE VAN SKOOLGAANDE OUDERDOM IN STAATSKOLE GEDURENDE 1877 [76]

| STAAT | PERSENTASIE |
|---|---|
| ZAR (Transvaal) | 8 |
| Natal | 60 |
| Vrystaat | 12 |
| Kaapkolonie | 49 |

75) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 49-52.
76) *Ibid.*, p 52.

Dit blyk uit tabel 2.2 dat daar gedurende 1877, die tweede jaar nadat die Burgersonderwyswet geïmplementeer is, baie min kinders van skoolgaande ouderdom die staatskole in Transvaal besoek het. Die rede hiervoor was dat die Burgersonderwyswet vir die toe reeds gevestigde Boerevolk, te liberaal en te "onchristelik" was en die opvoedingsdoel en die Godsdiensonderwys te veel veralgemeen is. 'n Verdere belangrike faktor vir die ontevredenheid by die Christelik-nasionale onderwysstryders was dat die tekorte aan opgeleide Christelike onderwysers aangevul is met vreemde en liberaalgesinde onderwysers uit die Kaap, Nederland en Engeland. Onderwyswet 4 van 1874 het verder klem op hoër onderwys in Gimnasiums gelê, met die gevolg dat die staatstoelae aan die skole wat primêre onderwys aangebied het, baie karig en ontoereikend was. Dit het veral die Boeregemeenskap, vir wie die primêre onderwys 'n basiese behoefte was, verder ontevrede gemaak.

In April 1877 het Engeland Transvaal geannekseer en in dieselfde maand is 'n proklamasie uitgereik wat bepaal het dat Engels die enigste voertaal in die skole moet wees. Dit het 'n groot persentasie van die Blankebevolking nog meer ontevrede gemaak.[77)]

2.2.3.5 Die bloeitydperk van Christelik-nasionale onderwys gedurende die laaste twee dekades van die vorige eeu

In 1875 is die Afrikaanse Taalbeweging gestig en ds S J du Toit (plaat 2.1) is as redakteur van hul lyfblad *Di Patriot*, benoem. Die Afrikanerbond is hierna gestig met ds S J du Toit as een van die vernaamste leiers. In 1879 het ds S J

---

77) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, p 41.

du Toit sy onderwysdoelstellings deur middel van 'n reeks artikels in *Di Patriot* uitgedra. Hy het 'n ware nasionaliteitsgevoel, die beskerming van die volkstaal en die bevordering van doelmatige onderwys as die belangrikste doelstellings uitgespel.[78)]

Na die suksesvolle Eerste Vryheidsoorlog het Transvaal in 1881 Verantwoordelike Selfbestuur gekry en ds S J du Toit is as Superintendent van Onderwys in die ZAR aangestel.

PLAAT 2.1 DS S J DU TOIT, SUPERINTENDENT VAN ONDERWYS IN "DE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK", 1882-1891[79)]



Ds S J du Toit het as voorstander van Christelike onderwys en vir die erkenning van Afrikaans "De Christelÿk School" ten doel gehad. Hy het 'n grondige kennis en ervaring van

78) Cilliers, *op.cit.*, p 188.
79) Transvaal (Onderwysdepartement). *Transvaalse Onderwysdepartement 1876-1976*, p 18.

die onderwyssituasie in die Kaap onder Engelse invloed en bewind opgedoen, was op die hoogte van die skoolstryd in Nederland en het tydens sy besoek aan Nederland ook met prof dr A Kuyper noue kontak gehad.[80] Daarom het hy sekere voorwaardes gestel alvorens hy bereid was om die amp van Superintendent van Onderwys te aanvaar. Dié voorwaardes wat hy gestel het word soos volg opgesom:[81]

* Die staat se mag oor die onderwys moet beperk bly tot die finansiële steun en toesig oor die besteding.
* Godsdiensonderwys moet op die voorgrond geplaas word, terwyl die kerk en die ouer die leiding in onderwyssake neem.
* Die onderwys moet in 'n Christelike gees geskied en die kerkraad moet vir die leerstellige onderwys verantwoordelik wees.
* Die onderwysers moet nie staatsamptenare en die skole nie staatseiendom wees nie.
* Die onderwys moet in die Hollandse taal gegee word.

Bogenoemde voorwaardes het ooreengestem met die tradisionele Christelik-nasionale onderwysbeginsel. Dit is in Oktober 1881 deur die Volksraad goedgekeur en ds S J du Toit het die aanstelling as Superintendent van Onderwys in die ZAR vanaf 1882 aanvaar.

S J du Toit het net na sy diensaanvaarding besoeke aan Heidelberg, Potchefstroom en Rustenburg gebring en sodoende op die hoogte gekom van die onderwysbehoeftes en vereistes van die Afrikanerdeel van die bevolking.[82] Hy het vooraf-

---

80) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 68.
81) Snyman, *op.cit.*, p 94.
82) Lugtenburg, A H *Geskiedenis van die onderwys in die SA Republiek 1836-1900*, p 133.

genoemde onderwysbeginsels as grondslae in sy Onderwyswet van 1882 opgeneem en sy Onderwyswet het, hoewel sekere onderwyspraktyke in gewysigde vorm opgeneem is, prinsipieel van die Burgersonderwyswet verskil. Onderwyswet 1 van 1882 het in hoofsaak bepaal dat:[83)]

- die opvoeding van die kinders die taak van die ouers is;
- 'n Christelike gees in die skole gehandhaaf moet word;
- onderrig in Bybelgeskiedenis moet plaasvind;
- leerstellige Godsdiensonderrig die taak van die kerk is;
- onderwysers bevoeg en lidmate van 'n Protestantse Kerk moet wees;
- Nederlands die voertaal moet wees;
- die staatsubsidie (veral vir primêre onderwys) verbeter moet word en
- alle staatsondersteunende skole onder die toesig van skoolkomitees moet staan.

S J du Toit het dus in sy Onderwyswet die taak van die ouer, kerk en staat duideliker omlyn en aan die ouer en kerk groter beheer en inspraak in die opvoedende onderwys gegee. Ongelukkig kon die bepaling dat alle staatskole Hollands as onderrigmedium moet gebruik, prakties nie slaag nie aangesien die belangrikheid van en aandrang vir Engels reeds te groot was.

S J du Toit was een van die min uitvoerende amptenare in beheer van die onderwys wat die Christelik-nasionale onderwysbeginsel volledig onderskryf en probeer toepas het. Die werklike toename van skole en leerlinge gedurende die amps-

83) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 69-77.

termyn van S J du Toit, word in tabel 2.3 aangetoon.

TABEL 2.3 DIE VERMEERDERING VAN SKOLE EN LEERLINGE GEDURENDE 1882-1891 IN TRANSVAAL[84)]

| JAAR | DORPSKOLE | WYKSKOLE | TOTAAL | LEERLINGE |
|---|---|---|---|---|
| 1882 | 9 | 34 | 43 | 872 |
| 1883 | 8 | 64 | 72 | 1 410 |
| 1884 | 14 | 45 | 59 | 1 280 |
| 1885 | 14 | 79 | 93 | 2 111 |
| 1886 | 17 | 78 | 95 | 2 600 |
| 1887 | 16 | 100 | 116 | 2 975 |
| 1888 | 20 | 159 | 179 | 4 016 |
| 1889 | 28 | 197 | 225 | 5 475 |
| 1890 | 34 | 262 | 296 | 6 990 |
| 1891 | 99 | 453 | 552 | 8 170 |

Tabel 2.3 toon dat S J du Toit se onderwysbepalings aanklank by die Afrikaner gevind het, aangesien die getal skole en leerlinge onder sy beheer grootliks vermeerder het. Aangesien geen minimum leerlinginskrywing meer nodig was om staatsubsidie te ontvang nie, het veral die getal skooltjies op die platteland toegeneem.

Ongelukkig het S J du Toit na die ontdekking van goud meer in die politiek en goudaandele belanggestel en sy onderwysverpligtinge verwaarloos. Die gevolg hiervan was dat hy in 1891 as Superintendent van Onderwys bedank het.[85)]

In Oktober 1891 het dr N Mansvelt (plaat 2.2) die aanstelling as Superintendent van Onderwys in die ZAR aanvaar. Hy het dié pos tot 1899 beklee en was dus die laaste Superintendent

84) *Ibid.*, p 55.
85) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, pp 56-57.

van Onderwys in die ZAR. Gedurende sy dienstermyn het N Mansvelt dit ten doel gehad om die opvoedende onderwys doeltreffend te administreer om sodoende die volk se vertroue te herwin. Om dié doelstelling te kon bereik het hy sy Onderwyswet, naamlik Wet 8 van 1892, geïmplementeer. Nes sy

PLAAT 2.2 DR N MANSVELT, SUPERINTENDENT VAN ONDERWYS IN "DE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK", 1892-1899[86]



voorganger (S J du Toit) het hy die Christelik-nasionale onderwysbeginsel behou en die leemtes in die Du Toitonderwyswet, byvoorbeeld dié ten opsigte van die subsidiestelsel en beheer, verbeter.[87] Onderwyswet 8 van 1892, wat uit 77 artikels en 'n kort bylaag van 4 artikels bestaan, bepaal hoofsaaklik die volgende:[88]

---

86) Transvaal (Onderwysdepartement). *Transvaalse Onderwysdepartement 1876-1976*, p 26.

87) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1-37*, pp 58-60.

88) ZAR, *De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1890-1893*, pp 422-437.

* Algemene bepalings (artikels 1-8)

Die eerste agt artikels is grotendeels in ooreenstemming met die vorige Onderwyswet van Du Toit van 1882 en bepaal dat:

° die opvoeding van die kinders die taak van die ouers is;
° die gees van die opvoedende onderwys Protestant-Christelik moet wees;
° leerstellige Godsdiensonderrig die taak van die kerk is en
° die staatstoelae bereken word volgens die standaard van die onderwys en die ouerbydrae.

* Besondere bepalings vir primêre en sekondêre onderwys (artikels 9-45)

Artikels 9 tot 45 handel oor die oprigting van skole en skoolbesture, subsidiëring van skole, medium van onderwys, onderwysers en soorte skole en bepaal dat:

° die medium van onderwys Hollands moet wees, behalwe vir die onderrig van vreemde tale en dat die leesboeke in Hollands geskryf moet wees;

° onderwysers lidmate van 'n Protestant-Christelike kerk moet wees, van goeie gedrag en oor onderwyskwalifikasies beskik en

° die aantal leerlinge per onderwyser en minimum aantal leerlinge per wykskool meer ekonomies en doeltreffend moet wees.

* Besondere bepalings vir hoër onderwys (artikels 46-77).

Die artikels in hierdie afdeling bepaal dat die regering voorsiening vir hoër onderwys moet maak met die doel om die "jongelingen"

° vir universiteitsopleiding voor te berei,

- wetenskaplik te vorm vir staats-, handels- en regsbetrekkinge,
- as onderwysers en
- as wetenskaplike landbouers op te lei.

Die aanvanklike vermindering sowel as die latere vermeerdering van skole en leerlinge gedurende die Mansvelt-periode word in tabel 2.4 uitgebeeld.

TABEL 2.4 GETAL SKOLE EN LEERLINGE GEDURENDE 1892 TOT 1898 IN TRANSVAAL[89)]

| JAAR | AANTAL SKOLE | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|---|
| 1892 | 484 | 7 932 |
| 1893 | 412 | 5 909 |
| 1894 | 419 | 6 626 |
| 1895 | 422 | 7 217 |
| 1897 | 457 | 10 777 |
| 1898 | 509 | 13 561 |

Die bepaling in die Mansveltonderwyswet van 'n minimum aantal leerlinge vir wykskole het, soos in tabel 2.4 gesien word, 'n beduidende invloed op die aantal skole en leerlingtal gehad.

Verdere geringe aanpassings is aan Onderwyswet 8 van 1892 by wyse van Onderwyswette 14 en 15 van 1896 onderskeidelik gemaak. Laasgenoemde Wet het toegewings aan die kinders van Engelse en Engels-georiënteerdes op die goudvelde gemaak.[90)]

---

89) Coetzee, J C *Onderwys in Transvaal 1838-1937*, p 64.
90) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 80-82.

Die onderwys onder die Superintendentskap van Du Toit en Mansvelt het vir die Afrikaners (Hollandssprekendes) 'n bloeitydperk gekenmerk. Die inhoud van die opvoedende onderwys en die gees waarin die onderwysprogram aangebied is, was in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel en het die Protestant-Christelike lidmate bevredig. Gedurende Januarie 1896 is die eerste Afrikaanse Taalkongres in die Paarl gehou waar, op voorstel van prof S Postma van Burgersdorp, besluit is dat Afrikaans die enigste skooltaal moet wees. 'n Uitvloeisel van die Taalkongres was die benoeming van 'n kommissie om oor die uitgee van Afrikaanse skoolhandboeke te besin.[91)] Die voorsiening van Afrikaanse leesboeke sou ook in Transvaal in 'n groot behoefte voorsien en die Christelik-nasionale onderwysprogram bevorder.

## 2.3 CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS TYDENS DIE ANGLO-BOERE-OORLOG 1899 TOT 1902 EN DAARNA GEDURENDE 1903 TOT 1910

### 2.3.1 Christelik-nasionale onderwys gedurende die oorlogsjare 1899-1902 met besondere verwysing na die kampskole

Gedurende Oktober 1899 het die Driejarige Oorlog tussen Brittanje en die ZAR uitgebreek, waardeur die Republikeinse onderwysstelsel, geskoei op die Christelik-nasionale beginsel, onmiddellik beëindig is. Alle georganiseerde onderwys het tot stilstand gekom omdat baie onderwysers op oorlogsdiens gegaan het. Gedurende die eerste maande van die oorlog kon geen kinders skool bywoon nie, die regering het geen beheer oor die onderwys gehad nie en alle fondse is vir die oorlog aangewend.[92)] Gedurende 1901 het die Engelse 16 konsentrasiekampe op verskillende plekke in Transvaal

---

91) Cilliers, *op.cit.*, p 172.
92) Coetzee, J C Die geskiedenis van onderwys in Potchefstroom 1838-1938. *In* Van der Walt *et. al.*, *op.cit.*, p 226.

opgerig waarin die vrouens en kinders opgeneem is. Later is van die vrouens en kinders ook na kampe in Natal en die Kaapkolonie geneem. In Maart 1902 was daar reeds 52 571 Blankes in die Transvaalse konsentrasiekampe, waarvan 22 363 kinders was. Na skatting was daar in al die kampe ongeveer 30 000 kinders waarvan ongeveer 20 000 van skoolgaande ouderdom was. Volgens skatting het ongeveer 10 000 kinders in die kampe gesterf.[93)]

Lord V Milner het G B Sargant uit Kanada laat kom om die onderwys in die kampskole te organiseer. Die Engelse het, ten spyte van vele probleme wat in die konsentrasiekampe ondervind is, die opvoedende onderwys van die kinders aan die gang probeer hou. Daar is wel soggens vir 30 minute Godsdiensonderrig gegee, maar verder is voorkeur aan die onderrig in en van die Engelse taal gegee.[94)] Die aanvanklike swak bywoning van die kampskole word in tabel 2.5 aangetoon.

TABEL 2.5 DIE INSKRYWING VAN LEERLINGE IN DIE TRANSVAALSE KAMPSKOLE, MEI 1901 TOT MEI 1902[95)].

| MAAND | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|
| 1901 | |
| Mei | 1 859 |
| Junie | 2 079 |
| Julie | 4 808 |
| Augustus | 5 950 |
| September | 7 230 |
| Oktober | 7 315 |
| November | 8 120 |
| Desember | 8 260 |

---

93) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 93-94.
94) *Ibid.*, pp 94-98.
95) Barnard, S S *'n Historiespedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 306.

TABEL 2.5 (vervolg)

| MAAND | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|
| 1902 | |
| Januarie | 12 046 |
| Februarie | 13 908 |
| Maart | 12 710 |
| April | 16 739 |
| Mei | 17 213 |

Die skoolbywoningsyfer van die kampskole was volgens tabel 2.5 aanvanklik nie hoog nie, moontlik as gevolg van die vyandige gevoel teenoor die Engelse by die Boeremoeders en -kinders, 'n tekort aan personeel en akkommodasie, voedingsprobleme en die onderrig in en van die vreemde Engelse taal. Die bywoningsyfer het egter vanaf Januarie 1902 skerp gestyg sodat daar in Mei 1902 17 213 kinders in die kampskole onderwys ontvang het.

Op 31 Mei 1902 is die oorlog beëindig met die sluiting van die Vrede van Vereeniging. Die onderwys in die kampskole is tot aan die einde van 1902 voortgesit en die geleidelike vermindering van die leerlinge in die kampskole word in tabel 2.6 uitgebeeld.

TABEL 2.6 VERMINDERING VAN LEERLINGE IN DIE TRANSVAALSE KAMPSKOLE VANAF VREDESLUITING TOT DESEMBER 1902[96)]

| MAAND | AANTAL LEERLINGE | OPMERKING |
|---|---|---|
| Mei | 17 213 | Vredesluiting (31 Mei 1902) |
| Junie | 15 651 | |
| Julie | 9 826 | |
| Augustus | 7 271 | |
| September | 5 522 | |
| Oktober | 3 845 | |
| November | 2 213 | |
| Desember | 934 | Opheffing van konsentrasiekampe |

96) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 98.

Uit die afname in die getalle in tabel 2.6 is dit duidelik dat die vrouens en kinders vinnig uit die kampte, terug na hul tuistes (of oorblyfsels van hul tuistes) is. Dit is egter ook duidelik dat almal nie dadelik kon gaan nie, omdat hulle waarskynlik langer vir hulle mans/vaders moes wag en daarom het die kampskole eers in Desember 1902 finaal gesluit.

Hoewel die onderwys wat die Boerekinders in die kampskole ontvang het nie aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen het nie, het dit tog veel waarde vir die Afrikanerkind ingehou. Die kinders is in die kampe nuttig besig gehou, die Engelse taal (wat later noodsaaklik was) is aangeleer en boonop het die verfynde Engelse kultuur 'n heilsame invloed op hulle gehad sodat baie kinders deur die skoolonderrig in die kampe gemotiveer is om verder te gaan studeer.[97)]

### 2.3.2 Die Christelik-nasionale onderwysstryd gedurende die jare 1903-1910

#### 2.3.2.1 Die Christelik-nasionale onderwysbeweging in Transvaal tydens die Kroonkoloniale Bestuur 1902-1906

Die Christelik-nasionale onderwysbeginsel het die Anglo-Boereoorlog met sy kampskole en Lord Milner se liberalisties-imperialistiese onderwysbeleid oorleef. Die opvoedende onderwys wat die Boerekinders in die kampskole van die veroweraars ontvang het, was die teenoorgestelde van die onderwys wat hulle in die tyd van die Boererepubliek volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel ontvang het. Dié onderwystoestande in die konsentrasiekampe tydens die oorlog het die Afrikaners meer doelgerig en vasbeslote

---

97) *Loc.cit.*

gemaak om die Christelik-nasionale opvoedende onderwys weer in te stel en te laat herleef. Na die sluiting van die Vrede van Vereeniging in 1902 het die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in die Christelik-nasionale onderwysbeweging herleef en is die aanvoorwerk van die "Vriendekring", wat reeds in 1901 in Pretoria begin is, deur die "Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelik-nasionale onderwys" vanaf 1902 voortgesit.[98] Gedurende die jare 1902 tot 1905 het die Christelik-nasionale onderwysbeweging onder die Hollandse bevolking (Afrikaners) in omvang, intensiteit en tempo as gevolg van 'n innerlike strewe na ware Christelik-nasionale onderwys besonder vinnig toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van drie grondoorsake, naamlik:[99]

° die beswaar by die Hollands-Afrikaanssprekende mense teen die gesentraliseerde beheer van die onderwys;

° die bedreiging van die Hollands-Afrikaanse nasionaliteit deur die eise van die Engelse onderwysprogram en

° die vrees by die Boerebevolking dat die baie ingevoerde Engelssprekende onderwysers nie Christelik-nasionale onderwys sou en kon gee nie.

Die oplewing van die Christelik-nasionale onderwysbeweging is verder gestimuleer deur die bepalings van E B Sargant, die eerste Direkteur van Onderwys in Transvaal onder die Milner-regime, se Onderwysordonnansie 7 van 1903, wat onder andere bepaal het dat:[100]

* privaatskole met meer as 10 leerlinge verplig is om by die Onderwysdepartement te registreer;

---

98) Barnard, S S *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, p 351.

99) Coetzee, J C Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom 1838-1938. *In* Van der Walt, *et.al.*, *op.cit.*, p 234.

100) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 100-101.

* onderwysers in besit van 'n onderwyskwalifikasie, deur die Direkteur van Onderwys uitgereik, moet wees;
* privaatskole onderhewig aan inspeksie is en
* beperkte Godsdiensonderrig en onderrig van die Hollandse taal mag geskied.

Die taalbepalinge ten opsigte van moedertaalonderwys, soos daar in die Vrede van Vereeniging ooreengekom is, is nie in Onderwysordonnansie 7 van 1903 nagekom nie. Die Onderwysordonnansie het 'n doelgerigte poging aangewend om die bestaan en uitbreiding van die Christelik-nasionale privaatskole teen te werk. Die sogenaamde CNO-skole het egter in so 'n mate toegeneem dat daar in Desember 1902 reeds 17 privaatskole met ongeveer 300 leerlinge in Transvaal was (kyk voetnoot 101). In tabel 2.7 word die CNO-skole wat in Desember 1902 bestaan het, die name van die onderwysers, asook die leerlingtal aangetoon.

TABEL 2.7 CHRISTELIK-NASIONALE SKOLE WAT IN DESEMBER 1902 IN TRANSVAAL BESTAAN HET[101]

| SKOOL | DISTRIK | ONDERWYSER | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|---|---|
| Villieria | Pretoria | J L Moerdijk | 16-17 |
| Hartbeesfontein | Pretoria | W R Riemersma | 15 |
| Brakfontein | Pretoria | W Mennega | 9-11 |
| Rietfontein | Pretoria | J de Lang | 4-15 |
| Spitskop | Pretoria | J H G Koeleman | 15 |
| Roodekoppies | Pretoria | J B van Riujssen | 18 |
| Witrand | Rustenburg | A J S Lessing | 24 |
| Elandskraal | Rustenburg | A de Ridder | 23 |
| Koedoesfontein | Rustenburg | W P Voges | 23 |
| Dorp | Rustenburg | S J van Wijk | - |
| Middelfontein | Nylstroom | S Gaarkeuken | 32 |
| Kopje-Alleen | Nylstroom | P J van der Walt | 23 |
| Alewynspoort | Heidelberg | S G Wiechers | 30 |
| Kliprivier | Belfast | D Limpers | 8-10 |
| Rooiklip | Dullstroom | P A Löw | 10-12 |
| Wemmershoek | Lydenburg | J Hagen | 10-12 |
| Kroondraai | Standerton | P W Voormolen | 6-15 |

101) Barnard, S S *'n Historíes-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, pp 352-354.

Uit tabel 2.7 kan die erns van die voorstanders van die Christelik-nasionale onderwysbeweging deur die hele Transvaal afgelei word, want dit was geen maklike taak om so gou na die oorlog soveel skole (ten spyte van ernstige armoede) te stig en in stand te hou nie. Die Boere was wel op die slagveld verslaan, maar wou volstrek nie ook in die klaskamer verslaan word nie. "Die praktiese uitvloeisel was dus die stigting van CNO-skole tot in die verste uithoeke van Transvaal."[102] Verdere CNO-skole is gedurende Januarie 1903 in Transvaal geopen, soos in tabel 2.8 aangetoon word.

TABEL 2.8 CHRISTELIK-NASIONALE SKOLE WAT IN JANUARIE 1903 IN TRANSVAAL GEOPEN HET[103]

| SKOOL | DISTRIK | ONDERWYSER | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|---|---|
| Trichardtspoort | Pretoria | W Tromp | 20 |
| Hartebeesspruit | Pretoria | P Heslinga | 30 |
| Lindleyspoort | Rustenburg | N Grobler | 50 |
| Roodekopjes | Rustenburg | P Moerdijk | 12 |
| Vlakfontein | Middelburg | H Voordewind | 40 |
| Uitkomst | Ermelo | J C van Eijcken | 20 |

Gedurende die jaar 1903 is verskeie ander Christelik-nasionale skole in die distrikte van Marico, Rustenburg, Pretoria, Potchefstroom, Klerksdorp, Christiana, Ermelo, Standerton, Piet Retief en Lydenburg opgerig. 'n Skool wat spesiale vermelding verdien, is die Eendrachtskool in Pretoria wat gedurende 1903 deur ouers, veral Hollandse kerklidmate, opgerig is. Die Eendrachtskool wat tans nog bestaan, het in die ware sin van die woord aan die

---

102) *Ibid.*, p 352.
103) *Ibid.*, p 354.

Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen. Die Vrye Gimnasium wat ook in 1903 in Sunnyside, Pretoria, gestig is, het met die Eendrachtskool geamalgameer,[104] sodat die skool 'n laer, middelbare en voorbereidende afdeling gehad het. Die leerlingtal van hierdie inrigting was in 1904 240 en in 1906 424 met 80 kosgangers.[105] Die Algemene Kommissie vir Christelik-nasionale onderwys het in 1903 'n Onderwysreglement opgestel wat saam met 'n kurrikulum vir Christelik-nasionale skole ingestel is. Dié reglement het bepaal dat:[106]

- die ouers verantwoordelik is vir die opvoedende onderwys van hulle kinders;
- die ouers wat nie hul finansiële verpligtinge kon nakom nie, gesteun moet word;
- die opvoedende onderwysprogram in die skool in 'n Protestant-Christelike gees moet geskied;
- die leervakke Bybelse Geskiedenis, Hollands, Rekene, Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Aardrykskunde, asook Skrif, Sang, Resitasies en Aanskouingsonderwys moet insluit;
- as gevolg van die landsomstandighede die Engelse Taal ook aan die kinders geleer moet word;
- skoolkomitees, gekies deur die ouers, toesig oor die skole moet hou;
- ten minste 15 kinders nodig is om 'n ondersteunende wykskool te open en dat

104) Symington, F C *Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkoloniale periode 1900-1907*, p 314.
105) Coetsee, A G *Geskiedenis van die middelbare onderwys in Transvaal 1902-1932*, p 19.
106) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 110.

° skoolhoofde oor 'n onderwyssertifikaat moet beskik.

Gedurende 1904 het die Algemene Kommissie ook die organisasie van die Christelik-nasionale onderwysstelsel verbeter deur 'n gedesentraliseerde organisasiestruktuur daar te stel, distrikskoolkomitees in te stel en 'n inspeksiestelsel te implementeer. J K M te Broekhorst, wat ook tydens die jare van die ZAR Inspekteur van Onderwys was, is in 1905 as Inspekteur van die Christelik-nasionale skole aangestel. Die werklike vermeerdering van die aantal Christelik-nasionale skole, onderwysers en leerlinge gedurende die jare 1903 tot 1905 word in tabel 2.9 aangetoon.

TABEL 2.9 DIE TOENAME VAN CNO-SKOLE, ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN TRANSVAAL 1903-1905[107)]

| JAAR | AANTAL SKOLE | AANTAL ONDERWYSERS | AANTAL LEERLINGE |
|---|---|---|---|
| 1903 | 151 | 215 | 5 328 |
| 1904 | 172 | 289 | 6 958 |
| 1905 | 228 | 419 | 9 335 |

Uit die syfers in tabel 2.9 kan die afleiding gemaak word dat die Christelik-nasionale onderwysbeweging algemene byval by die Afrikanervolk gevind het. Die toename in die getal skole en leerlinge tydens die Christelik-nasionale onderwysbeweging het dit vir die Algemene Transvaalse Boekhandel moontlik gemaak om ten opsigte van skoolhandboeke en ander benodigdhede daadwerklik diens aan die skole te lewer.[108)]

'n Verdere bewys van die Christelik-nasionale onderwysstryd tydens die Kroonkoloniale Bestuur is dat daar aan die einde van 1903 wel 373 primêre staatskole was (104 dorp- en 269 plaasskole) met 25 000 kinders op skool, maar dat

107) *Ibid.*, p 111.
108) Transvaalse Onderwysersvereniging. *Het Christelijk Schoolblad* - *nr 3, 1904*, p 5.

ongeveer 16 000 kinders van skoolgaande ouderdom nie op skool was nie.[109] Onderhandelinge wat gedurende die tyd van die Kroonkoloniale Bestuur tussen die leiers van die "Het Volk"-party en die Regering in verband met die onderwys gevoer is, was onsuksesvol. Daar kon oor die "twee fundamentele verskilpunte, naamlik ouerseggenskap by die benoeming van onderwysers en gelyke regte aan Hollands en Engels ten opsigte van die onderwysmedium in die skole ..."[110] tot geen eenstemmigheid gekom word nie.

Gedurende 1905 en 1906 is die onderwys onder die Selborne-bestuur geplaas. Aan die einde van 1905 het Lord Selborne sy Onderwysmemorandum gepubliseer, wat in hoofsaak bepaal het dat:[111]

- alle Blankekinders deur wetgewing verplig moet word om primêre onderwys te ontvang;
- adviserende skoolrade in die groter distrikte ingestel moet word;
- adviserende skoolkomitees, met ouers as lede, ingestel moet word;
- onderwysers lojale onderdane van die Koning van Engeland moet wees;
- aanvangsonderwys deur medium van die moedertaal gegee en Engels van meet af aan onderrig moet word;
- na Engels as medium oorgeslaan moet word sodra die leerlinge, wat Hollands as moedertaal het, die Engelse taal magtig is en dat
- Hollands op versoek van die ouers onderrig kan word.

---

109) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 103.
110) *Ibid.*, pp 110-111.
111) Snyman, *op.cit.*, p 194.

In sy onderwysbeleid het Lord Selborne, in teenstelling met Lord Milner, enkele toegewings aan die Hollandssprekende Afrikaners gemaak, soos byvoorbeeld die aanvanklike moedertaalonderrig. Dit het egter nie aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen nie, want die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys het aangedring op ouerseggenskap in die benoeming van die onderwysers en op gelyke taalregte tussen Hollands en Engels as onderwysmedium. Die sensusopname van 1905 het getoon dat 25 000 kinders van skoolgaande ouderdom in Transvaal nie op skool was nie. Van hierdie getal was ongeveer 21 000 op die platteland,[112] wat 'n aanduiding is van die ontevredenheid met die staatsonderwys.

Soos gedurende die tyd in die Kaap voor die Groot Trek, was daar gedurende die tydperk na die Anglo Boereoorlog weer eens die botsende en teenoorgestelde denkrigtings in die onderwys. Aan die een kant was die Engelse voorneme om volkseenheid te bewerkstellig deur die Afrikanerkind met Engels as die enigste voertaal in alle staatsbeheerde skole en deur middel van Engelse onderwysers te verengels. Aan die ander kant was die tradisievaste Afrikaners met hul standvastige Christelik-nasionale lewens- en opvoedingsfilosofie wat die godsdienstige vorming, moedertaalonderwys en ouerseggenskap in die keuse en benoeming van die onderwysers as basiese vereistes gestel het.

### 2.3.2.2 Die Christelik-nasionale onderwysstryd in Transvaal tydens Selfbestuur 1907-1910

#### 2.3.2.2.1 Inleiding

Die Christelik-nasionale skole het tot en met 1905 in so 'n mate uitgebrei dat die veroweraars (Engelse) begin vrees

---

112) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 108.

het dat dit die staatsbeheerde onderwys en die poging om die Afrikanerkind te verengels sou verdring en laat misluk. Die Christelik-nasionale skole het egter in 1906 ernstig begin kwyn en een na die ander gesluit. Die Afrikaner-Boerevolk het na die oorlog net nie die geld gehad om die algemene finansiële druk te weerstaan nie. Verder het die liberale tendens daartoe gelei dat al minder Afrikaners teen die regeringskole en die verengelsing beswaar gemaak het. Die vooruitsigte op voorwaardelike Selfbestuur het verder bygedra tot die afneem en uiteindelike beëindiging van die Christelik-nasionale onderwysbeweging.[113)]

Van die begin van 1907 af het Transvaal Verantwoordelike Selfbestuur gekry. Nadat die Het Volk-party die verkiesing van Februarie 1907 gewen het, het Generaal L Botha Eerste Minister en Generaal J C Smuts Minister van Onderwys geword.

### 2.3.2.2.2 Die invloed van J C Smuts op die Christelik-nasionale onderwysstryd

J C Smuts (plaat 2.3) was gewis gedurende die jare 1906 en 1907 die persoon wat die grootste enkele bydrae gelewer en die belangrikste invloed uitgeoefen het om die Christelik-nasionale privaatskole as staatskole ingelyf te kry. J C Smuts se beloftes wat hy tydens sy rondreise aan die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys gemaak het, was van deurslaggewende belang. Hy het belowe dat sy Onderwyswet die vernaamste grondbeginsels van beide die Engelse en die Christelik-nasionale onderwys sou beliggaam. Hierdie uitsprake het daartoe gelei dat 115 Christelik-nasionale privaatskole met 4 754 leerlinge vanaf Julie 1906 tot Junie 1907 as staatskole ingelyf is.[114)] Die bekende

---

113) *Ibid.*, p 111.
114) Van Staden, J L *Die opvoedkundige teorie en praktyk in die Transvaal gedurende die jare 1900-1950 as weerkaatsing van rigting en lewensopvatting*, p 157.

PLAAT 2.3 GENERAAL J C SMUTS, MINISTER VAN ONDERWYS VANAF 1907 EN LATER EERSTE MINISTER VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA[115)]



115) TOD-museum, fotostand nr 702A.

Eendrachtskool in Pretoria was een van die skole wat in 1907 'n regeringskool geword het.[116] J C Smuts het, om sy politieke doelwitte te bereik, die Christelik-nasionale onderwysbeginsel as hefboom gebruik. Nadat hy aan bewind gekom het, het hy egter die Christelik-nasionale onderwysbeweging tot stilstand gedwing, maar ter selfdertyd 'n nuwe voortgesette Christelik-nasionale onderwysstryd ontketen.[117]

J C Smuts was advokaat en joernalis. Hy het aanvanklik op Stellenbosch en vanaf 1890 aan die Universiteit van Cambridge in die regte studeer. In 1895 het hy as advokaat na Kaapstad teruggekeer. Tydens sy studiejare in Engeland het hy die Engelse politiek goed leer ken en was hy beïndruk deur die Britse gees van oorheersing. Hy was aanvanklik ook 'n bewonderaar van Rhodes, maar die Jamesoninval het hom ontnugter.[118] J C Smuts, wat aanvanklik 'n voorstander van die Christelik-nasionale onderwysideaal was, het as gevolg van die Engelse invloed teenoor die Afrikaanse eiendomlikheid afgekoel. Omdat hy min werk as advokaat gehad het, het hy baie joernalistieke werk vir Kaapse koerante gelewer en so in die politiek geïnteresseerd en betrokke geraak. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy offisier geword en gevorder tot die rang van Generaal. Hy het tydens die sluiting van die Vrede van Vereeniging in 1902 'n prominente rol in die vredesonderhandelinge gespeel.[119]

Dit was die doel en ideaal van J C Smuts om Boer en Brit verenig te kry om 'n verenigde Suid-Afrika 'n besondere plek in die Britse Ryk te laat inneem.[120] Daarom het hy in sy onderwysdoelstelling gepoog om "die enkeling en afsonderlike

---

116) Coetsee, A G *Op.cit.*, p 20 (kyk ook p 52 van hierdie hoofstuk).
117) Snyman, *op.cit.*, p 337.
118) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 113.
119) Snyman, *op.cit.*, pp 162-163, 177-178.
120) *Ibid.*, pp 186-193.

klein groepie by die groot geheel" in te skakel.[121] "Smuts het in die skool as middel geglo om eenheid tussen die twee Blankerasse te kry."[122]

Dit was egter juis J C Smuts se sentrale probleem om 'n onderwysstelsel daar te stel wat gemeenskaplik voorsiening maak vir twee afsonderlike volke, elk met sy eie taal, tradisie, kultuur, geskiedenis en lewensbeskouing (met ander woorde om twee kultuurgemeenskappe, naamlik een gemeenskap met 'n Christelike lewensbeskouing en die ander met 'n liberaal-humanistiese lewensbeskouing) vryheid en tevredenheid binne een onderwyswet te gee.

Tydens 'n kongres van die verteenwoordigers van die Christelik-nasionale onderwysbeweging in April 1907 en weer tydens 'n vierde kongres van die Het Volk-party in Junie 1907, het J C Smuts sy konseponderwysbeleid uiteengesit. Uit dié konsepbeleid was dit duidelik dat hy versoening tussen en tevredenheid onder die twee Blankevolksgroepe beoog het.[123] Die Afrikaner-kultuurgemeenskap wou egter sy Christelik-nasionale onderwysbeginsel ongeskonde behou en het bly aandring dat die regering die CNO-skole moet subsidieer.[124]

J C Smuts het die mislukking van die Milner-onderwysstelsel, die beperkte geldvoorraad in die staatskas en die steun wat hy uit verskeie oorde vir die staatsonderwys (volgens sy neutrale Onderwyswet) ontvang het, gebruik om Onderwyswet 25 van 1907 te implementeer. Sodoende is die Christelik-

---

121) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 113.
122) Snyman, *op.cit.*, p 208.
123) *Ibid.*, p 216.
124) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 118.

nasionale skole verplig om óf te sluit óf tot die staatsonderwys oor te gaan.[125]

Daar word vervolgens gepoog om die invloed wat Wet 25 van 1907 op die Christelik-nasionale onderwys uitgeoefen het, aan te toon.

2.3.2.2.3 Die betekenis van Wet 25 van 1907 (Smutsonderwyswet) met betrekking tot die Christelik-nasionale onderwys

J C Smuts se Onderwyswet is in Augustus 1907 deur die Wetgewende Raad en Vergadering van Transvaal goedgekeur en as Wet 25 van 1907 met ingang Oktober 1909 geïmplementeer. Hierdie Onderwyswet was tot op daardie stadium die volledigste, noukeurigste en duidelikste Onderwyswet wat nog opgestel was. Dit bestaan uit 91 artikels wat in 12 hoofstukke ingedeel is. Die artikels wat 'n invloed op die Christelik-nasionale onderwys gehad het, kan soos volg opgesom word:[126]

* In hoofstuk III (artikels 16-22) word gehandel oor:

  - die oprigting en onderhoud van primêre skole met 'n minimum gemiddelde jaarlikse inskrywing van 25 leerlinge;
  - die stigting van ondersteunde plaasskole wat meer afgeleë is en oor meer as 10 leerlinge beskik;
  - verpligte gratis onderwys vir alle Blankekinders tussen 7-14 jare;

---

125) Snyman, *op.cit.*, p 217.
126) Transvaal (Onderwysdepartement). *Handboek van die onderwijswetten van 1907, 1908 en 1909*, pp 7-39.

- pligte van skoolbesture en
- ander prosedures ten opsigte van die oortreding van die verpligte skoolbesoekregulasies.

Die verpligte gratis primêre onderwys in die staatskole het vir die meeste privaat CNO-skole dit finansieël onmoontlik gemaak om voort te bestaan. Dit was een van die deurslaggewende faktore wat die CNO-skole óf laat sluit óf staatskole laat word het.

* Hoofstuk IV (artikels 23-27) handel oor sekondêre en tersiêre onderwys vir Blankekinders. Dit sluit onder andere die oprigting en instandhouding in van

- sekondêre skole,
- ambagskole (industrieël),
- aanvullende onderrigklasse en
- inrigtings vir die opleiding van onderwysers.

Die Christelik-nasionale onderwysbeweging kon nie só volledig in die sekondêre en tersiêre onderwysbehoeftes voorsien nie. Die ouers kon moeilik die oprigting en instandhouding daarvan sonder staatsteun behartig sodat die CNO-voorstanders aan die staatsonderwys moes toegee.

* Hoofstuk VI (artikels 30-33) handel oor die medium van onderrig:

- Artikel 30 bepaal dat die moedertaal die medium van onderrig in die "lagere standerds van enige openbare school" sal wees (dus óf Engels óf Hollands tot die derde standerd). Indien die medium van onderrig in die laer standerds nie Engels is nie, moes Engels geleidelik aangeleer word sodat Engels na st 3 as

onderrigmedium gebruik word.

- Artikel 31 bepaal dat geen leerling in 'n openbare skool bevorder kon word sonder 'n deeglike kennis van die Engelse taal nie.
- Artikel 32 bepaal dat die Hollandse taal aan elke kind geleer word, tensy die ouer daarteen beswaar maak. In die geval van beswaar hoef die aanleer van die Hollandse taal nie afgedwing te word nie. Die Engelssprekende kind is dus nie soos die Hollandssprekende (Afrikaans) deur wetgewing tot tweetaligheid gedwing nie. Na die derde standerd kon Hollands wel in hoogstens twee vakke (anders as die taal self en Godsdiensonderrig) as onderrigmedium gebruik word.

Die bepalings in artikels 30-32 raak dus die Christeliknasionale onderwysbeginsel ten nouste aangesien dit die Hollandse taal (dus Afrikaans in wording) as moedertaal totaal misken het. J C Smuts het voorgegee dat alle kinders beide tale moes aanleer maar tog Engels as onderrigmedium na st 3 afgedwing, want elke kind kon Hollands leer, maar alle kinders moes Engels leer (dus geen taalgelykheid nie).

* In hoofstuk VII handel artikel 34 oor Godsdiensonderrig en bepaal dat:

  - in elke openbare skool die skooldag met Skriflesing en gebed geopen word;
  - Godsdiensonderrig (dus Bybelse Geskiedenis) gedurende die eerste halfuur van elke skooldag plaasvind, maar dat nie-Christelike ouers skriftelik om vrystelling van Godsdiensonderrig aansoek doen;

- die medium van Godsdiensonderrig óf Engels óf Hollands of enige ander Europese taal is (dus die moedertaal);
- geen dogma van enige bepaalde kerkgroep gegee word nie en dat niemand anders dan onderwysers, die Godsdiensonderrig behartig nie;
- onderrig in Bybelse Geskiedenis verpligtend vir alle onderwysers is.

Hierdie artikel bepaal dus 'n eenvoudige neutrale Christelike leer wat geensins aan die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen nie. Hiermee erken die staat die algemene Christelike beginsels, maar geen Godgerigte doel nie. Dit was dus duidelik J C Smuts se bedoeling om met hierdie neutrale godsdiensklousule die verskillende bevolkingsgroepe en kerkverbande tot 'n algemene Christendom (bo geloofsverdeeldheid) saam te snoer. Die regse Afrikaner, naamlik die Christelik-nasionale onderwysvoorstander en deurdronge Calvinis, het gevoel dat hierdie liberale Onderwyswet hulle van hul "eersgeboortereg gaan ontwortel."[127]

* In hoofstuk VIII (artikels 35-37) word alle privaatskole met 'n leerlingtal van 10 en meer leerlinge verplig om:

  - by die Onderwysdepartement te registreer;
  - registers van leerlingbywoning en onderwyspersoneel met kwalifikasies volgens voorgeskrewe regulasies, te hou en
  - indien die eienaar of hoof van sulke privaatskole in gebreke bly om genoemde en ander bepalinge na te kom, sodanige persone aan strafbepalings blootgestel sou wees.

---

127) Snyman, *op.cit.*, p 256.

Deur die bepalings van hoofstuk VIII is die outonome beheer van die privaat CNO-skole van die ouers ontneem en het dit onmoontlik geraak om aan die vereistes van die staat te voldoen. Dit het verder bygedra tot die sluiting van die CNO-skole.

* Die inhoud van hoofstuk IX (artikels 73-83) handel oor plaaslike bestuur. Hiervolgens is Transvaal in 26 skoolraadsdistrikte, elk met 'n eie skoolraad en elke openbare skool met 'n eie skoolkomitee verdeel en saamgestel. (Potchefstroom het byvoorbeeld 'n skoolraadsdistrik geword met 'n eie skoolraad.) Verder bepaal die Onderwyswet dat elke skoolkomitee uit 5 tot 7 lede bestaan wat deur ouers van skoolgaande leerlinge gekies word en vir 'n termyn van drie jaar dien. Die magte en pligte van die skoolkomitee kom kortliks op die volgende neer, naamlik:

- skakeling met die skoolraad oor skoolaangeleenthede;
- toesig oor geboue en skooleiendom en
- die maak van aanbevelings ten opsigte van die aanstelling en skorsing van onderwyspersoneel.

Die Onderwyswet het weer eens nie aan die eise van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen nie, want volgens die Christelike en Republikeinse beskouing moes die ouer volle seggenskap oor sy kind se onderwys besit. Die Smutsonderwyswet het hiermee slegs 'n skynmag aan die ouers gegee wat vir die voorstanders van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel nie aanvaarbaar was nie.

* Hoofstuk X (artikels 74-84) handel oor onderwysers. Hierdie artikels bepaal dat 'n onderwyser 'n onderwysdiploma ("certificate of licentie") moet besit en 'n

proeftydperk deurmaak om permanent aangestel te word. Verder bepaal dit die verskillende range, diensvoorwaardes en prosedures by aanstelling en skorsing. Daar is geen vereistes ten opsigte van die onderwyser se geloof en/of kerkverband bepaal of vereis nie, terwyl dit een van die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel is dat slegs Christenonderwysers, (lidmate van een van die drie Afrikaanse kerke) aanvaarbaar is.

Die nadelige uitwerking van Wet 25 van 1907 op die naoorlogse Christelik-nasionale onderwysteorie en -praktyk was dat die Christelik-nasionale onderwysbeweging finaal tot niet gegaan en die belangstelling en geesdrif daarvoor skerp afgeneem het. Slegs enkele (minder as 10) Christelik-nasionale skole het tot 1910 nog bestaan[128] en die laaste een, naamlik Potchefstroom Gimnasium, (wat in 1907 as Voorbereidende Skool van die Gereformeerde Teologiese Skool geopen is) het in 1915 'n staatskool geword.[129] Die stryd vir die voortbestaan van die vrye skole, waar opvoeding en onderwys volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel gegee is, was egter nie tevergeefs nie. Op 15 Julie 1909 het die stryders vir Christelik-nasionale onderwys in Pretoria kongres gehou en besluit om nogmaals vertoë tot die regering te rig om die vrye skole geldelik te steun.[130] Vir dié mense was die vrye skool "die enigste alternatief en redmiddel".[131] Die Gereformeerde Kerk het gedurende die jare van Selfbestuur ook die vrye skoolstelsel volgens die Christelik-nasionale onderwysbe-

---

128) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 118.
129) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* · *1977*, p 2. Kyk ook *hoofstuk 4*, p 119.
130) Arnold, *op.cit.*, pp 60-61.
131) Snyman, *op.cit.*, p 257.

ginsel gesteun, soos tydens die Algemene Sinode van Maart 1907 besluit is. In daardie tyd het prof. J D du Toit (Totius) in sy lesing "Christelike onderwys met of sonder dogma" vrye Christelike skole as enigste alternatief teen die liberale staatsonderwys gepropageer.[132] Die stryd om Christelik-nasionale skole en/of vrye Christelike skole was egter, vir die korttermyn, nodeloos en sou eers op die langtermyn resultate toon.

## 2.4 CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS VANAF UNIE- TOT REPUBLIEKWORDING 1910-1961

### 2.4.1 Die voortsetting van die Christelik-nasionale onderwysstryd ná Uniewording

Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika met die vier provinsies Transvaal, Oranje-Vrystaat, Natal en Kaap tot stand gekom. In die jare na 1910 het die Christelik-nasionale onderwysgedagte 'n onafskeidbare deel van die Afrikaner se lewensbeskouing gebly. Die Britse Imperialisme kon dit nie geheel en al verdring nie. Die "beskeie plaasskooltjie", met sy dikwels gesmade onderwyser, het deur die jare van stryd (bewus- of onbewustelik) veel daartoe bygedra dat die Afrikaner by sy Christelik-nasionale onderwysbeginsel gebly het.[133] Die Afrikaanssprekende leerlinge was gedurende die jare van Christelik-nasionale onderwysstryd (en taalstryd) in die meerderheid, soos in tabel 2.10 aangetoon word.

---

132) *Ibid.*, p 258.
133) Barnard, S S *'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool 1838-1967*, pp 409-545.

TABEL 2.10 GETAL BLANKELEERLINGE IN TRANSVAAL VOLGENS ONDERRIGMEDIUM 1918[134)]

| ENGELS-MEDIUM | AFRIKAANS-MEDIUM | HOLLANDS-MEDIUM | DUBBEL-MEDIUM Afr/Eng | DUBBEL-MEDIUM Hol/Eng |
|---|---|---|---|---|
| 1 075 | 15 225 | 6 691 | 6 658 | 6 435 |

Die syfers in tabel 2.10 toon die verhouding in leerlingtal tussen die verskillende onderrigmediums in 1918. Met die amptelike in gebruik neming van Afrikaans as voertaal (1917) in Transvaalse primêre skole, is daar aan 'n jarelange stryd en verwagting voldoen en toon die onderhawige tabel die omvang daarvan aan. In verskeie Afrikaanse primêre skole (op dorpe en in stede) is die Christelik-nasionale onderwysideaal nagestreef. In 1919 is Afrikaans ook in sekondêre skole ingevoer, hoewel dit eers in 1922 Hollands as eksamentaal amptelik vervang het.[135)] In tabel 2.11 word die Afrikaanse sekondêre skole, wat tot en met 1923 gestig is, aangetoon.

TABEL 2.11 AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOLE WAT TOT 1923 IN TRANSVAAL TOTSTAND GEKOM HET[136)]

| SKOOL | JAAR | OPMERKING |
|---|---|---|
| Potchefstroom Gimnasium | 1907 | Primêre en sekondêre afdelings stig April 1918 af |
| Hoër Volkskool, Heidelberg | 1915 | |
| Hoër Oosteindskool, Pretoria | 1915 | |
| Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria | 1920 | |
| Hoërskool Voortrekker, Boksburg | 1920 | |
| Hoërskool Helpmekaar, Johannesburg | 1921 | |
| Hoërskool Monument, Krugersdorp | 1921 | |
| Hoërskool Zeerust | 1921 | |
| Hoërskool Rustenburg | 1922 | |
| Hoër Volkskool, Potchefstroom | 1922 | |
| Hoërskool Rodeon, Swartruggens | 1923 | |

134) *Ibid.*, p 480.
135) Basson, M A *Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese*, pp 82-83.
136) Gegewens is verkry uit die betrokke skole se feesjaarblaaie wat tydens elke skool se vyftigjarige bestaan verskyn het.

Soos in die Afrikaanse primêre skole, het die Christen-Afrikaneronderwyser in die Afrikaanse sekondêre skole (vergelyk tabel 2.11) ook tydens elke moontlike les (in die meeste vakke) die leerlinge volgens die Christelik-nasionale opvoedingsbeginsel geleer en oortuig dat daar 'n God-drie-enig is wat oor alles beskik, en dat daar 'n Afrikanervolk en 'n Afrikaanse taal is wat uitgebou en gehandhaaf moet word.[137)]

2.4.2 Die bydrae van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge tot die Christelik-nasionale onderwysbeginsel

Die grondslae van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel is in 1948 deur die Instituut vir CNO opgestel en deur die Federasie vir Afrikaanse kultuurvereniginge (FAK) gepubliseer.[138)] Aangesien dié grondslae die kern van die CNO-beginsel verteenwoordig en die evaluering in die laaste hoofstuk hierop gebaseer word, word dit volledig gegee.

+ Die *GRONDSLAG* (artikel 1) het die volgende behels, naamlik:

  * Opvoeding en onderwys moet op die grondslag van die ouers se lewensbeskouing geskied.
  * Vir die Afrikaanssprekende ouer is dié grondslag Christelik-nasionaal.
  * Die Christelike grondslag is in die Bybel gefundeer en word in die Belydenisskrifte van die drie Afrikaanse kerke uitgedruk.

---

137) Tydens sy 15 jaar as onderwyser aan die Hoër Seunskool Helpmekaar (1957-1960 en 1964-1975) het skrywer dit self ervaar.

138) Instituut vir CNO. *Christelik-nasionale onderwysbeleid*, pp 1-29.

* Die nasionale grondslag is die liefde vir die eie land, volk, taal, kultuur en geskiedenis.

* Die hele skool moet in gees, doel, leerinhoud, metodiek, tug, onderwyspersoneel, organisasie en alle aktiwiteite gekenmerk word deur die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

* "Die nasionale moet op die Christelike stoel."

+ *CHRISTELIKE OPVOEDING EN ONDERWYS* (artikel 2) behels:

  * Die Christelike opvoeding en onderwys het sy grondslag in die Bybel.

  * Godsdiensonderrig moet volgens die Bybel aangebied word en die Belydenisskrifte moet 'n sleutelvak (nie net 'n kennisvak nie) wees.

  * Die Godsdiensopenbaring, soos in die Skrif vervat en uitgedruk in die Belydenisskrifte, "moet die gees en rigting van al die ander vakke en gans die skool bepaal". Dit moet die grondslag van die opvoeding en onderwys vorm, want dit is die enigste grondslag waarop die Afrikanervolk se lewensbeskouing gefundeer is.

+ *NASIONALE OPVOEDING EN ONDERWYS* (artikel 3) behels dat die skool "binne-in die volkslewe" moet staan en deur al sy aktiwiteite

  * krag en besieling uit eie kultuur put,
  * liefde vir die eie kultuur aan die kind oordra en bevestig en
  * binne die Christelike beginsel die kind met trots vir sy "geestelikkulturele erfenis" en kultuurbesit vervul.

+ *DIE KIND EN DIE CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDING EN ONDERWYS* (artikel 4)

* God het die mens (óók die kind) na sy Beeld goed en reg geskape.
* Die mens (óók die kind) het deur die erfsonde en uit eie keuse in sonde geval.
* God het uit vrye genade 'n genadeverbond met die gelowige geslagte in Jesus Christus opgerig en die kind van gelowige ouers moet as 'n Christengelowige opgevoed word.
* Die mens het 'n aktiewe selfverantwoordelikheid en 'n selfbewuste doelstrewe wat by die kind ontwikkel en gerig moet word.
* Die kind moet as onrype, afhanklike, onvolwassene deur opvoedende onderwys tot rypheid, onafhanklikheid en volwassenheid gebring word.
* Die kind van die Christen-Afrikanerouer moet, afgesien van die gemeenskaplike eienskappe wat alle kinders van alle volke deel, in die lewensbeskouing van die ouer opgevoed word.

+ *DIE DOELSTELLING VAN OPVOEDING EN ONDERWYS* (artikel 5)

Die hoogste doel in die opvoeding en onderwys is "die vorming van mense Gods"; met ander woorde, dat tydens die opvoedingshandeling aan die kind

* die kultuurbesit van sy eie volk oorgedra word,
* geleer word om dié kultuur uit te bou,
* geleer word om as kultuurmandaat die aarde te beheers,
* geleer word om aan die "Skepperswil" op alle terreine onderworpe te wees en
* die inhoud van Gods Woord geleer word om bogenoemde te kan doen en uit geloof en genade die ewige lewe te mag beërwe.

+ *INHOUD VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS* (artikel 6)

* Die kind moet 'n verskeidenheid van vakke op skool neem.
* Die aanbieding van die inhoud van elke vak moet pro-Christelik (nie anti-Christelik of neutraal nie) en pro-nasionaal (nie liberaal of neutraal nie) wees.
* Die volgende vakke moet in die kurrikulum ingesluit word, naamlik:

° Godsdiensonderrig

- Die kind moet onderrig word in Bybelse geskiedenis en Christelike Geloofsleer (volgens die Belydenisskrifte van die drie Afrikaanse Kerke).
- Godsdiensonderrig moet nie net beperk wees tot die vak, sekere periodes en 'n neutrale sillabus nie - dit moet kleur en gevoel gee aan die hele skoolprogram; dit moet geloofsoortuiging bevestig.
- Die vak Godsdiensonderrig moet deur Christengelowige onderwysers gegee word.

° Moedertaal

- Die moedertaal is die belangrikste sekulêre vak.
- Dit moet die enigste voertaal wees.
- Tweetaligheid is nie 'n aanvanklike doel van die onderwys nie.
- Die tweede taal moet eers aangeleer word as die moedertaal behoorlik bemeester is.
- Die moedertaal vorm die basis van alle opvoeding en onderwys.

° Burgerleer

- Elke mens het as burger sekere regte, verantwoordelikhede en pligte teenoor die huisgesin, kerk, samelewing en staat.
- Dit is die doel van die opvoeding en onderwys om Christelik-nasionale burgers te vorm om eersgenoemde te eerbiedig, te bewaar en te bestendig.

Aardrykskunde

- Elke volk is gewortel in die landsbodem soos deur God bepaal.
- Elke burger moet kennis hê van sy eie bodem en vernaamste natuurkunde, maar ook dié van ander lande.
- Elke burger moet die bodem lief kry deur kennis wat deur die onderwys bygebring word.
- Elke burger moet deur liefde en gehegtheid bereid wees om die eie bodem te verdedig, te verbou en te verbeter vir die nageslag.

° Geskiedenis (Algemene en Vaderlandse Geskiedenis ingesluit)

ϕ Algemene Geskiedenis moet onderrig word, want:

- die geskiedenis van volke, nasies, die wêreld en die ganse mensegeslag is die vervulling van God se raadsplan;
- deur die skepping, sondeval, Christus se menswording, lyde, sterwe en opstanding en die verloop na die voleinding toe, sien die gelowige Gods hand;
- die daarstel van afsonderlike volke deur die eeue heen, elk met 'n eie roeping en taak is in verhouding tot mekaar;
- die opdoen van kennis van die vorige geslagte is noodsaaklik vir visie vir die toekoms.

ϕ Vaderlandse Geskiedenis

Soos hierbo bespreek, maar dan meer spesifiek die eie kulturele erfenis, herkoms, liefde vir die eie en die bou van 'n toekoms op Christelik-nasionale grondslag.

+ *METODIEK EN TUG* (artikel 7)

* Metodiek vereis van die onderwyser

- deeglike kennis van die kind en
- kennis van die historiese ontwikkelde en beproefde opvoedkundige praktyk.

* Met betrekking tot tug moet dit in gedagte gehou word dat

- alle gesag van God afkomstig is en dat die opvoeder se gesag verleende gesag is,
- die onderwyser slegs 'n aanvullende opvoeder vir die ouer is en
- tug die Christelike en nasionale vorming moet verseker - tot die eer van God (dus tot gehoorsaamheid).

+ *BEHEER VAN DIE ONDERWYS* (artikel 8)

Onder die beheer van die onderwys word die volgende verstaan:

* Afsonderlike Afrikaans- en Engels-medium skole word vir die onderwys van die kinders met 'n gemeenskaplike taal, kultuur en geloofsbelydenis vereis.
* Die huis, skool en kerk vorm 'n "drievoudige snoer" in die opvoeding en onderwys, elk met sy eie regmatige plek en taak.
* "Die ouers-in-gemeenskap, en nie as individue nie, moet die gees en rigting bepaal; die ouers moet in samewerking met die kerk en die staat skole stig, instand hou en beheer." Die uitgangspunt hier is dat die opvoeding en onderwys van die kind die plig en reg van die ouer is en daarom, om seker te maak dat dit volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel plaasvind, moet die ouer inspraak hê in die beheer van die onderwys en die keuse en benoeming van die onderwyser.
* Die kerk se taak en plek in die opvoedende onderwys

is dat dit

- die gemeenskap van al die gelowiges is,
- sorg dra dat die onderwys vir sy jeugdige lidmate Christelik-nasionaal is,
- toesig hou oor die leer en lewe van die onderwysers, ook as lidmate van die kerk,
- die ouers moet aanspoor tot die stigting, instandhouding en beheer van Christelike skole en
- steun moet gee aan behoeftige ouers en kinders ten opsigte van die nakoming van hul opvoedingstaak.

* Die staat se taak en plek in die opvoedende onderwys is dat dit

  - verantwoordelik is vir 'n behoorlike peil van volksopvoeding,
  - moet sorg dat die onderwys van hoë wetenskaplike standaard is,
  - die sedelike vorming van die kind tot deugde moet verseker,
  - moet sorg dat die skool as voog oor die kind optree as die ouer sou misluk en
  - die ouer die geleentheid moet gee om, binne perke, beheer oor die gees en rigting van die skool uit te oefen en inspraak in die benoeming van die onderwyser te hê.

* Die skool se taak en plek in die opvoedende onderwys is dat dit

  - aanvullend is tot die huis (ouer) en die kerk, wat oor die gees en rigting van die skool beslis, terwyl die staat oor die peil en regshandhawing beheer uitoefen,

- soewerein in eie kring ten opsigte van leerinhoud, metode, tug ensovoorts, moet funksioneer en
- as ideaal en in die praktyk die Christelik-nasionale grondslag moet besit.

* Die organisasie van die skoolstelsel behels dat

- die Christelik-nasionale onderwysbeleid enige oorheersing in die skoolstelsel verwerp (dit wil sê, in beginsel teen 'n suiwer ouerskool, kerkskool óf staatskool is),
- die skoolorganisasie binne 'n gesagstruktuur vry moet wees om selfstandig en selfbepalend opvoeding en onderwys te laat geskied,
- die oprigting van skole die taak van die ouergemeenskap in samewerking met die kerk en staat is,
- die instandhouding die gesamentlike onderneming van huis, kerk en staat is, deurdat
  = die ouers finansieël bydra tot die bestryding van skooluitgawes (skoolfonds),
  = die kerk behoeftige ouers finansieël ondersteun,
  = die staat die finansies voorsien vir die terrein, geboue, meublement, boeke, skryfbehoeftes en die besoldiging van die personeel en
- lede van die skoolkomitees en beheerrade verteenwoordiging op die skoolraad kry.

+ *DIE ONDERWYSER* (artikel 9)

Volgens die beginsel van die Christelik-nasionale onderwys besit die onderwyser die ere-status om, aanvullend tot die ouer, vir die opvoeding en onderwys van die kind medeverantwoordelik te wees.

Daarom moet die onderwyser

* die opvoedingswerk in ooreenstemming doen met die ouer se opvoedingswerk tuis,
* van Christelike lewensbeskouing wees (en vir die Christen-Afrikaner moet hy lidmaat van een van die drie Afrikaanse kerke wees),
* goed opgelei wees in sy vak, metodiek, in kennis van die kind en in die Christelik-nasionale beginsels en
* aan 'n Christelik-nasionale onderwysinrigting opgelei word.

## 2.5 CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS NÁ REPUBLIEKWORDING IN 1961

### 2.5.1 Inleiding

Op 31 Mei 1961 is die Uniale Grondwet met 'n Republikeinse Grondwet vervang toe die staatsvorm van die Unie van Suid-Afrika na die Republiek van Suid-Afrika verander het.

Verskeie Onderwyskommissies was sedert 1917 benoem om die probleem van verdeelde onderwysbeheer te ondersoek. 'n Uitvloeisel van die navorsing en aanbevelings van die Onderwyskommissies was die daarstelling van 'n Nasionale Adviserende Onderwysraad (NAOR) in 1963. Die NAOR het die opdrag gehad om veral aan die opheffing van die verdeelde onderwysbeheer, opleiding van onderwysers en koördinering van sillabusse aandag te gee.[139] Die resultaat van die verdienstelike werk van die NAOR was drie afsonderlike (maar tog aanverwante) Onderwyswette van 1967, naamlik:[140]

---

139) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 136-137.
140) Suid-Afrika (Republiek). *Wette van die Republiek van Suid-Afrika*, vol. 17, pp 942-1082.

Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967)
Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet 40 van 1967)
Die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet 41 van 1967).

Aangesien hoofsaaklik die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) op hierdie studie van toepassing is, word die beleidsbepalings en invloed daarvan op die CNO-beginsels in hooftrekke beskryf.

### 2.5.2 Betekenis en invloed van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967)

Die beginsel van die Christelik-nasionale onderwys, wat by meeste Afrikaners sedert Uniewording (1910) bly voortleef het en in 1948 deur die FAK duidelik geformuleer is, (kyk pp 69-77) het grootliks in Wet 39 van 1967 gestalte aangeneem. Wet 39 van 1967 het 'n einde aan die verdeelde onderwysbeheer gemaak en bepaal dat die opvoedende onderwys 'n Christelik-nasionale karakter moet hê. Die Minister van Onderwys het volllediger regulasies uitgevaardig om uitvoering aan Wet 39 van 1967 te gee, wat vanaf Januarie 1972 van toepassing is.[141] Vervolgens word die vyf mees relevante bepalings kortliks beskryf.

#### 2.5.2.1 Christelike karakter van die onderwys

Die bepaling dat die skool 'n Christelike karakter moet hê beteken dat 'n skool volgens die letter van die wet 'n Christelike inrigting moet wees.[142] 'n Homogene ouerge-

---

141) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, pp 137-138.
142) Bingle, H J J Onderwysontwikkeling in SA gedurende die afgelope dekade. *IBC-studiestuk*, nr 22, p 4.

meenskap (ten opsigte van lewens- en wêreldbeskouing, kerkverband, taal en kultuur) kan hul kinders nou, in ooreenstemming met die suiwer Christelik-nasionale onderwysbeginsel, opvoeding en onderwys laat ontvang. Die hele skoolprogram (dit is elke vak, aktiwiteit en wyse van tug) kan deurdring wees met die gees en gesindheid van Christenskap, want "vir die Christenonderwyser is sy roeping as Christen en sy roeping as onderwyser sinoniem" en daarom kan 'n Christenonderwyser nie anders as om Christelike onderwys te gee nie, want ook hy is geroepe tot gehoorsaamheid aan God.[143)]

2.5.2.2 Nasionale karakter van die onderwys

Die bepaling dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê, beteken dat die Republiek van Suid-Afrika as die enigste vaderland met 'n eie volkslied, nasionale simbole en Republikeinse Grondwet aan die kind voorgehou moet word en die kind geleer word om dit te eerbiedig. Vaderlandse Geskiedenis het tot st 7 verpligtend geword en hierdeur kan die eie volksgeskiedenis, volkshelde en monumente aan elke kind geleer word. Deur hierdie bepaling kan J B M Hertzog se slagspreuk "Suid-Afrika eerste" in die onderwysprogram by die kind tuisgebring en 'n liefde vir die volkseie aangeleer word. Nasionale Volksfeeste moet, soos Onderwysdepartementele voorskrifte duidelik aandui, gereeld en paslik gevier word.

2.5.2.3 Medium van onderrig

Die bepaling dat die medium van onderrig die moedertaal (Afrikaans of Engels) moet wees, voldoen aan die vereiste van die CNO-beginsel.

---

143) Kruger, *op.cit.*, p 1105.

2.5.2.4 Ouerseggenskap in die onderwys

Die bepaling wat ouerseggenskap aan die ouergemeenskappe gee, skep die geleentheid aan die ouers om die gees en rigting van die skool in ooreenstemming met hul lewens- en wêreldbeskouing te bepaal. Ouers met 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing kan nou aandring op opvoedende onderwys vir hul kinders wat aan die CNO-beginsel (en Wet 39 van 1967) voldoen. Die bepaling gee verder aan die ouers die geleentheid en verpligting om (ten spyte van gratis staatsonderwys) finansieël by die skool en onderwysprogram (veral buite kurrikulêr) betrokke te wees en 'n daadwerklike bydrae tot die onderwys van hulle kinders te maak.

2.5.2.5 Opleiding van onderwysers

Wet 39 van 1967 bepaal 'n meer eenvormige stelsel van onderwysersopleiding om aan die Christelik-nasionale karakter van die onderwys uitvoering te gee en om die standaard en aansien van die opleiding van onderwysers te verhoog. Die kultuurhistoriese agtergrond van die twee Blankebevolkingsgroepe (Afrikaans en Engels) is in Wet 39 van 1967 in aggeneem. Neutraliteit in die onderwys en onderwysersopleiding het plek gemaak vir verpligte Godsdiensonderrig (op die Bybel gegrondves) as vak vir die onderwysstudent. Hierdeur word elke onderwyser in staat gestel om Godsdiensonderrig aan die kind te gee en godsdienstige plegtighede tot hul reg te laat kom (kyk 2.5.2.1). Verder moet die onderwysstudent tydens opleiding toegerus word om aan die breë nasionale karakter van die onderwys (kyk 2.5.2.2) uitvoering te gee.[144)]

---

144) Barnard, S S Die opleiding van onderwysers vir Christelik-nasionale skole op grond van Wet nr. 39 van 1967. *Fokus*, nr 2, Junie 1980, pp 1339-1343.

## 2.6 SAMEVATTING EN EVALUERING

Die Kerkhervorming van die 16de en 17de eeu het by die Protestante 'n "nuwe" lewensbeskouing, naamlik die Calvinisme, laat ontstaan. Hierdie lewensbeskouing is in Godswoord gefundeer en deur die Reformatoriese Kerk op die opvoedende onderwys oorgedra. Die Calvinistiese rigting in die opvoeding en onderwys is in 1652 vanaf Nederland na die Kaap deur Jan van Riebeeck gebring. Sy gebed op die strand van Tafelbaai op 8 April 1652, naamlik: "Uwe ware Gereformeerde Christelijke leere, met der tyd mogte voortgeplant en verspreid worden,"[145] bevestig die Calvinistiese lewensbeskouing.

Die beklemtoning van die nasionale onderwys tydens en na die Franse Revolusie het ook die gees en rigting van die opvoedende onderwys aan die Kaap beïnvloed. Dié Christelik-nasionale opvoedingsfilosofie is met die Groot Trek na Transvaal gebring waar dit aan eie bodem vorm aangeneem en by die volksaard aangepas het.

Die Britse liberaal-humanistiese invloede het teen die einde van die 19e en begin van die 20e eeu toegeneem en die totstandkoming van die CNO-beweging en stigting van CNO-skole (1903-1907) as teenwig teen verengelsing tot gevolg gehad. Die CNO-skole was 'n skoolstelsel waarin die kinders opvoedende onderwys in ooreenstemming met die CNO-beginsel ontvang het en dit het in hoofsaak bepaal dat die

* opvoeding en onderwys 'n Christelike karakter moet hê,
* onderwys nasionaal moet wees,
* moedertaal die enigste onderrigmedium moet wees,
* ouers seggenskap in die bepaling van die gees en rigting van die onderwys en benoeming van onderwysers moet hê

145) Soos aangehaal deur Snyman, *op.cit.*, p 78.

en

* onderwysers Christengelowig moet wees.

Hoewel die CNO-skole in Transvaal 'n kort lewensduur gehad het, het dit tog as teenwig teen die verengelsing van die Afrikanerkind gedien. Die CNO-stryd het egter na Uniewording (1910) voortgeduur, want die Afrikanervolk wou kragtens eie aard en wese 'n opvoedings- en onderwysstelsel ontwikkel wat ooreenstem met hulle Calvinistiese lewensbeskouing. Hierdie strewe om 'n eie Christelik-nasionale onderwysstelsel (soos deur die FAK in 1948 geformuleer) is met en na Republiekwording (1961) bereik toe die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) geïmplementeer is. Hierdeur is aan die Christen-Afrikaner se tradisionele demokratiese Christelik-nasionale lewensbeskouing en onderwysbeginsel voldoen.

Dié Christelik-nasionale Onderwyswet bepaal en vereis 'n onderwysstelsel "uit eie bodem, uit eie geledere, gedra deur eie geloof, eie godsdiens, eie kultuur, eie vertroetelde kleinode, eie nasionale erfenis, eie lewens- en wêreldbeskouing."[146] Die doel van die Christelik-nasionale onderwys, naamlik om Christen-Afrikaners op te voed tot vriendelikheid, hartlikheid, goeie menseverhoudinge en produktiwiteit, maar boweal om gehoorsaam aan God te wees - om alles te doen tot God se eer - kan binne dié Nasionale Onderwysbeleid bereik word en is daar dus voldoen aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.


Die ontstaan en ontwikkeling van die Transvaalse skoolwese en die invloede van buite daarop word skematies in figuur 2.1 aangetoon.

In die volgende hoofstuk word die onderwysgeskiedenis van Potchefstroom tot voor die stigting van Potchefstroom Gimnasium (1907) behandel.

---

146) Schutte, B C Onderwys: eie stelsel is die antwoord. *Die Vaderland* 14/8/80, p 16.

FIGUUR 2.1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TRANSVAALSE SKOOLWESE[147)]




147) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, p 2.